*Dr. Malan van Rhyn*
Tel: +27 (0)12 546 5177
Sel: +27 (0) 82 858 0538
mvanrhyn@telkomsa.net

**PREEKREEKS UIT NEHEMIA OM DIE OPBOU EN DIE UITBOU VAN DIE KERK TE BEVORDER**

Daar word tans baie hoë eise aan baie van ons gemeentes, en daarom ook aan baie van ons predikante, gestel. As Gereformeerdes neem ons ons toevlug tot die Here en raadpleeg ons sy Woord.

Ek stel graag hierdie reeks van 8 preke uit Nehemia tot u beskikking. In Nehemia se tyd is daar hoë eise aan die volk van God en aan die volk se leiers gestel. In hierdie preekreeks word gefokus op die Here se leiding wanneer die kerk moeilike tye beleef. Klem word geplaas op hoe die Here sy kerk se leiers toerus, ook wanneer dit swaar gaan, sodat hulle die lidmate kan toerus om die kerk op te bou en uit te bou, selfs wanneer dit swaar gaan.

As net een gemeente en net een dominee hierdeur bemoedig kan word, sal ek baie dankbaar wees!

Seënwense,

Malan.

1. **TEKS: NEHEMIA 1:3,4**

**TEMA: Die muur van Jerusalem lê om ...**

1. Agtergrond
2. Die muur van Jerusalem lê om ...
3. Nehemia bid
4. Jerusalem se muur vandag

Geliefdes in die Here,

1. Nehemia was ʼn merkwaardige man. Hy was ʼn man met ʼn onwrikbare geloof, ʼn man wat gereeld gebid het, ʼn sterk en doelgerigte leier, ʼn man van aksie, ʼn man van die

daad, hy kon mense motiveer. Hy was ’n invloedryke en ’n gesiene man. Hy was die koning van Persië se skinker.

Die skinker was ’n vertroueling en raadgewer van die koning. Iemand wat baie naby aan die koning geleef het en daarom baie invloed gehad het. Maar Nehemia was anders as die mense rondom hom. Hy was ’n Israeliet, ’n verbondskind van die lewende God. Hy was lief vir sy volk, maar bo alles was hy lief vir God en sy kerk.

Maar wat maak hy in die vestingstad Susan in Persië? Hoekom is hy nie soos dit ’n goeie Israeliet betaam in Jerusalem nie? Dit is eintlik ’n lang en hartseer storie: Nadat die volk in die beloofde land ingelei is, het hulle afvallig geraak van die Here. Hy het hulle gewaarsku dat as hulle hulle nie bekeer nie, dan sal Hy hulle in ballingskap laat wegvoer. Hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en uiteindelik is hulle weggevoer na Babel.

Ongeveer 70 jaar later het hulle toestemming gekry om terug te keer na hulle vaderland, maar net klein groepies het teruggegaan. Nehemia was ’n nasaat van die mense wat besluit het om nie terug te gaan Jerusalem toe nie. Hy het opgang gemaak in die staatsdiens van Persië en gevorder tot skinker van die koning.

Die Jode wat teruggekeer het na Jerusalem het intussen onder leiding van Serubbabel die tempel van die Here herbou. Dit is in hierdie stadium van die geskiedenis dat ons vir Nehemia ontmoet.

2. Terwyl Nehemia in die koning van Persië se diens was, het Ganani, een van sy medeamptenare, en ’n paar ander manne daar in Susan uit Jerusalem by hom aangekom. Nehemia het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem en hulle het vir hom gesê: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.”

Jerusalem was die Godstad, die stad van Dawid, die stad waar die tempel van die Here op die heuwel Sion was, die enigste stad waar die Here gesê het dat die volk aan Hom offers mag bring. Dit was die godsdienstige sentrum van die volk. Van Jerusalem sing die ballinge in Psalm 137: “Hoe kan ons die lied van die Here sing in ’n vreemde land? As ek jou sou vergeet, Jerusalem, mag my regterhand dan verlam raak. Mag my tong aan my verhemelte vaskleef as ek aan jou nie dink nie, as Jerusalem nie my grootste vreugde bly nie.”

U kan sien hoe belangrik Jerusalem vir die volk van die Ou Testament was. Die stad was vir hulle die toonbeeld van God se trou en sy almag en sy genade. Daarom, toe Nehemia die boodskap hoor: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand”, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid tot die God van die hemel.

Die feit dat Jerusalem se mure om gelê het, het hom diep geraak. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Al was die tempel nou al weer herbou, het Nehemia geweet: So lank as wat Jerusalem se mure om lê, so lank sal die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sal hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing. Die Godstad het mure rondom nodig om al die vreemde invloede, al die spotters, al die vyande van God buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien.

Nehemia sou vandag nie ŉ baie gewilde staatsman gewees het nie. Die slagspreuk vandag is mos: breek die mure af, sodat ons brûe kan bou. Alle grense moet verdwyn. Selfs die grens tussen reg en verkeerd. Maar Nehemia het geweet die grens tussen geloof en ongeloof kan nooit verdwyn nie. Die muur tussen geloof en ongeloof mag nooit met ŉ brug vervang word nie. Dan sal God se eer aangetas word. Die kerk mag nooit met die wêreld vermeng nie. Die kerk is in die wêreld, maar die kerk mag nooit van die wêreld wees nie. God se volk mag nooit verwêreld nie.

Ook het Nehemia besef: Die wêreld sal die kerk altyd vyandig gesind wees, want die wêreld haat vir God. Die wêreld wil alle grense wat die kerk beskerm, afgebreek hê, sodat die kerk kan verwêreld en God so bygekom kan word. Van hierdie vyandskap van die wêreld teenoor God lees ons in die boek Esra. Dit is die geskiedenis van die ballinge wat die tempel herbou, maar wat geweldige teenstand van God se vyande beleef het wat dit nie kon verdra dat die God van hemel en aarde se tempel weer herbou word nie. U kan gerus hierdie aangrypende geskiedenis by die huis gaan lees. Dan sal u die vyandskap van die wêreld teen die kerk ook vandag beter verstaan.

Psalm 2 som hierdie vyandskap van die wêreld teen God so op: “Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy Gesalfde en sê: Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af.”

Daarom was Nehemia so diep ontroerd en ontsteld: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.”

Omdat die eer van die Here so swaar weeg by Nehemia, was hierdie boodskap vir hom soos dolksteke in sy hart. Hy het onmiddellik besef: die enigste manier om die saak reg te stel, was om die muur van Jerusalem weer op te bou en om die poorte weer te herstel sodat dit gesluit kan word. Alleen so sou die volk die enigste ware God weer in rus en vrede kon dien en eer en verheerlik.

Maar, geliefdes, dit was natuurlik makliker gesê as gedaan. Nehemia het geweldige groot struikelblokke in sy pad gehad.

*Eerstens* was dit die afstand: Susan was honderde kilometers van Jerusalem af, om meer presies te wees soos die kraai vlieg meer as 1200 km, padlangs dalk verder as Kaapstad van Pretoria af. Destyds was dit natuurlik ŉ geweldige afstand wat te voet of met ŉ rydier of met ŉ wa afgelê moes word.

*Tweedens* was Nehemia in diens van ŉ Persiese koning, ŉ wêreldheerser wat geen rede gehad het om simpatie met Jerusalem se mure te hê nie.

*Derdens* was daar die vyande van God wat in en om Jerusalem gewoon het.

*Vierdens* was daar die volk van God wat totaal moed verloor het en eers gemotiveer sou moes word om op te staan vir die eer van die Here.

*Vyfdens* sou dit harde fisiese werk verg om die muur weer op te bou.

3. ŉ Mens sou kon verwag dat Nehemia sou sê: Dis baie hartseer, maar in die lig van die omstandighede is daar nou nie eintlik veel wat ek kan doen nie. Buitendien, ek het ŉ hoë posisie, ek lewe gerieflik, dit is nou nie eintlik my saak wat met die arme drommels in Jerusalem gebeur nie.

Of hy kon dadelik die lang reis aangepak het om so gou as moontlik iets aan die saak te gaan doen. Maar hy doen nie een van die twee nie. Nee, wat doen hy? Hy begin bid! Ja, dis waar hy begin: Hy roep die almagtige God van hemel en aarde, die troue Verbondsgod se Naam aan. Dit is waar ŉ mens moet begin as die probleme wat voor jou lê onoorkomelik lyk. Bid, bid en nogmaals bid.

Wat bid Nehemia? Hy roep die enigste ware God aan: "Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor die wat U liefhet en u gebooie gehoorsaam, luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid." Hy maak dus aanspraak op God se almag, God se trou aan sy verbond met sy volk en God se liefde vir sy kinders.

Ons vergeet dit so maklik wanneer ons voor geweldige probleme te staan kom: Ons dien ŉ almagtige God vir wie niks onmoontlik is nie, ons dien ŉ troue God wat ŉ ewige verbond met ons het, ons dien ŉ God wat vir ons so lief is dat Hy sy eie Seun oorgegee het aan die dood, sodat ons kan lewe. Deur die gawe van gebed het ons toegang tot hierdie God, ons Vader deur Jesus Christus. Onthou dit wanneer u berge moet versit en nie weet hoe u dit gaan regkry nie. Bid dan onophoudelik soos Nehemia.

Nehemia bid en hy bely sy eie en sy volk se sondes voor God en hy herinner God aan sy belofte in Deuteronomium 30: "As julle ontrou is, sal ek julle onder die volke verstrooi, maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon."

Dit is nog ʼn belangrike eienskap van Nehemia wat hom krag gee vir hierdie bykans onmoontlike taak: Hy ken die Bybel en hy kan God se beloftes in sy Woord toepas op sy eie situasie. Ons lewe mos baie keer so asof God se Woord niks te sê het vir ons situasie van vandag nie. Nee, ons moet die Bybel juis so lees dat ons dit ken en kan toepas op elke dag se lewe en probleme.

As Nehemia dit alles klaar gebid het, dan vra hy vir God: "Laat my voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees." Hierdie man is natuurlik die koning van Persië by wie Nehemia toestemming wou vra om na Jerusalem te gaan en die muur te gaan herbou. Menslik gesproke ʼn totaal belaglike versoek, maar een wat Nehemia nie gehuiwer het om te vra nadat hy 4 maande lank oor die saak gebid het nie. God se eer weeg mos vir hom swaarder as enige-iets anders.

4. Geliefdes, vandag nog is die wêreld opstandig en vyandiggesind teenoor die Here en teen sy kerk. Vandag nog is daar mense wat die mure om Jerusalem wil afbreek, mense wat dit wat die kerk beskerm en die volk van God beveilig, uit die grond wil ruk.

Regerings wat Christelik is en wat die eer van Here verdedig en wat vir die gelowiges ruimte maak om ongestoord die enigste ware God te dien, moet tot ʼn val gebring word en vervang word met regerings wat die lewe vir Christene ondraaglik maak.

Enige iemand wat verkondig dat daar net een God is, die God van die Bybel, die drie-enige Verbondsgod, en wat verkondig dat alle ander godsdienste vals is, word as onverdraagsaam, naïef en oningelig uitgeskel. So iemand kan vandag selfs van haatspraak aangekla word.

Onderwys wat nog die eer van God wil bevorder deur kinders te leer dat net die God van die Bybel die ware God is, wat kinders se oë oopmaak vir die almag en die wonder van God in die skepping, wat daarom ook ʼn voortsetting is van die verbondsonderrig wat die kinders in hulle ouerhuise kry, is nou uit die bose en moet met sogenaamde sekulêre onderwys vervang word.

Ja, die mure van Jerusalem word vandag nog afgebreek deur God se vyande.

Ook ons gemeente kom nie vry nie. Die mure om ons gemeente word ook plek-plek afgebreek. Ja, geliefdes, ons, die lidmate, is die muur om die Evangelie. Paulus sê mos die gemeente is die draer en die beskermer van die waarheid (1Tm 3:15). Ons, die gemeente moet dus die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus uitdra en beskerm. Soos wat die muur om Jerusalem die tempeldiens aan God beskerm het, so moet ons soos ʼn muur om die Evangelie wees wat dit uitdra en beskerm.

Maar ons muur is vol gate. Elke lidmaat wat nie ʼn erediens bywoon nie, laat ʼn gat in die muur wat God se Naam bespotlik maak. Elke lidmaat wat nie Bybel lees en bid nie, laat

’n gat in die muur. Elke lidmaat wat nie sy Christelike beginsels uitleef nie, wat nie soos sout en lig leef by sy woonplek en werkplek en speelplek nie, is ’n gat in die muur.

Elke lidmaat wat nie huisgodsdiens hou nie is ’n gat in die muur. Elke lidmaat wat nie dankoffers gee nie is eintlik besig om die muur af te breek. Elke dooplidmaat wat nie katkisasie bywoon nie is ’n gat in die muur. Elke ouer wat nie omgee wat sy kind in die skool leer nie, is ’n gat in die muur. Elke lidmaat wat gawes van die Here gekry het, en ons almal het!, maar wat nie hierdie gawes tot eer van die Here en tot voordeel van medegelowiges wil aanwend nie, is ’n gat in die muur. Elke vakante wyk op die kerkraad is ’n gat in die muur. Elke ampsdraer wat nie sy roeping vervul en sy werk doen nie, is ’n gat in die muur.

Elke lidmaat wat die houding het van: Die kerk is hier om hom te dien, wat nie die Woord uitdra nie is ’n gat in die muur!

Elkeen wat in onvrede met ’n ander lewe, elkeen wat kwaadwillig loop en kwaadpraat, is ’n gat in die muur.

Geliefdes, in ons gemeente, in ons land en in die wêreld geld ons teks vandag nog: “Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.”

Soos in Nehemia se tyd lyk dit na ’n menslik onmoontlike taak om reg te stel. Maar met God se hulp is alles moontlik. Ons het dus lidmate soos Nehemia nodig.

Lidmate wat besorg is oor die mure wat omlê, omdat vervalle mure die eer van God aantas.

Lidmate wat so diep geraak word deur die verval dat hulle bereid is om sonder ophou te bid vir medelidmate wat gate in die muur kap met hulle koudheid en hulle louheid en hulle onbetrokkenheid.

Ons het lidmate nodig wat hulle en ons as gemeente se sonde voor God bely en in die Naam van Jesus Christus om vergifnis smeek. Lidmate wat die Bybel so goed ken dat hulle die Woord van God kan toepas op enige situasie vandag en kan sê: So sê die Here. Lidmate wat die beloftes van God onwrikbaar glo. Lidmate wat bereid is om uit hulle gemaklikheid-sones uit te beweeg en leiding te neem om die vervalle muur weer op te bou.

Kortom, ons het gewone gelowiges nodig wat so dankbaar is vir die verlossing in Jesus Christus, dat hulle bereid is om draers en beskermers van die waarheid te wees.

Sulke lidmate sal eendag met lofsange die Nuwe Jerusalem binnegaan waar God self die tempel sal wees. Is u ’n gat in die muur of ’n draer en ’n beskermer van die waarheid wat u plek in die muur vol staan, ’n lewende steen in die kerk van Jesus Christus? Is u ’n

breker of is u ’n bouer? Mag die tyd wat voorlê ’n tyd van groot bouwerk wees – in u eie geloofslewe en in ons gemeente! Amen.

2. **TEKS: NEHEMIA 2:18**

**TEMA: Ek wil God eer deur te help bou!**

1. Jerusalem se mure lê om
2. God se werk, God se seën
3. Kom ons bou, ten spyte van teenstand

Geliefdes in die Here,

1. Elkeen van ons wat al belydenis van geloof afgelê het, het daarmee gesê: Ek weet Jerusalem se mure lê om en ek is bereid om te help bou! Ons het in ’n vorige preek gehoor hoe diep hierdie saak Nehemia ontroer het.

Terwyl Nehemia in die koning van Persië se diens was, het hy die berig gekry: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.”

Jerusalem was die Godstad, die stad van Dawid, die stad waar die tempel van die Here op die heuwel Sion was, die enigste stad waar die Here gesê het dat die volk aan Hom offers mag bring. Dit was die godsdienstige sentrum van die volk. Die stad was vir hulle simbool daarvan dat God onder sy volk woon.

Daarom, toe Nehemia die berig kry: Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Al was die tempel nou al weer herbou, het Nehemia geweet: So lank as wat Jerusalem se mure om lê, sal die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sal hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing.

Die Godstad het mure rondom nodig om al die vreemde invloede, al die spotters, al die vyande van God buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien. Die enigste manier om die saak reg te stel, was om die muur van Jerusalem weer op te bou en om die poorte weer te herstel sodat dit gesluit kan word.

Nehemia het egter geweldige groot struikelblokke in sy pad gehad. Eerstens was dit die afstand: Susan was honderde kilometers van Jerusalem af. Tweedens was Nehemia in diens van ’n Persiese koning, ’n wêreldheerser wat geen rede gehad het om simpatie met Jerusalem se mure te hê nie. Derdens was daar die vyande van God wat in en om Jerusalem gewoon het. Vierdens was daar die volk van God wat totaal moed verloor het en eers gemotiveer sou moes word om op te staan vir die eer van die Here. Vyfdens sou dit harde fisiese werk wees om die muur te herbou.

2. Nehemia skram egter nie weg van sy roeping nie. God se eer weeg mos vir hom swaarder as enige-iets anders. Daarom bid hy eers ernstig oor hierdie saak, omtrent vier maande lank, voordat hy met sy versoek na die koning gaan.

En toe gebeur daar ʼn wonderlike ding: Al die struikelblokke wat eers onoorkomelik gelyk het, begin een na die ander verkrummel en Nehemia sien: As God se eer swaarder by jou weeg as enige iets anders, as jy jou roeping ʼn gebedsaak maak, as jy bereid is om vir God te werk, dan vee God self alle struikelblokke stelselmatig uit jou pad en seën Hy jou.

Nehemia is in die diens van die koning van Persië, die koning van ʼn volk wat die eens magtige Babiloniërs verslaan het en so die magtigste ryk in die hele wêreld geword het. As hy dit sou durf waag om terug te gaan na Jerusalem om die mure te herbou, kan dit baie maklik na opstand teen hierdie wêreldheerser lyk. Daarom was Nehemia baie bang, maar na vier maande se gebed en net voor hy met die koning praat ʼn skietgebed kon hy met God se krag sy versoek tot die koning rig.

Wonder bo wonder staan die koning sy versoek toe. Dit is natuurlik God self wat hierdie wêreldheerser so beheer terwille van die eer van sy Naam en terwille van sy kinders vir wie Hy lief is. Nehemia gaan egter nog verder en dit lyk amper of hy sy hand oorspeel: Hy vra dat die koning hom amptelik opdrag moet gee om die mure te gaan herbou, hy vra ook amptelike briewe van die koning wat aan hom vrye deurgang deur al die gebiede sal verseker en hy vra amptelike toestemming om hout uit die staatsbos te mag gebruik vir sy taak.

Geliefdes, iemand wat begaan is oor die eer van die Here, iemand wat sy roeping biddend aanpak, so iemand weet: Net die allerbeste is goed genoeg vir die Allerhoogste. Daarom huiwer Nehemia nie om hierdie dinge te vra nie en die koning staan dit alles wonderbaarlik toe. Boonop gee hy nog offisiere en ruiters om Nehemia op hierdie lang en gevaarlike reis te vergesel en beskerm. So vee God Nehemia se skynbaar onoorkombare probleme en vir een van die tafel.

Daarom bely Nehemia met dankbaarheid in vers 8: "My God het sy goeie hand oor my gehou, en die koning het my versoek toegestaan." As God jou roep en jy is bereid om jou roeping biddend uit te voer, sal God jou ook seën en sal Hy self die berge voor jou in miershope verander. Onthou dit wanneer God u roep om iets te doen. Al daardie skynbaar onoorkomelike probleme soos moeilike werksomstandighede of moeilike persoonlike omstandighede of gebrek aan geld of swak gesondheid of wat ook al sal deur God opgelos word. Vertrou op Hom.

As Hy jou roep, sal Hy jou ook self toerus en vir jou geleentheid skep om jou roeping uit te voer, vertrou jy maar net op Hom en voer jou roeping biddend uit!

Nadat Nehemia in Jerusalem aangekom het en in die stilligheid self eers ondersoek gaan instel het na die grote van die taak wat op hom wag, het hy sy medegelowiges bymekaar gekry. Toe sê hy vir die Judeërs, die priesters, die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en al die ander: "Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat die vernedering nie langer op ons rus nie. Hy het hulle toe vertel hoe God sy goeie hand oor hom gehou het en wat die koning gesê het."

Geliefdes, hierdie mense was moeg en moedeloos. Nehemia kom by hulle aan terwyl hulle op ʼn laagtepunt is. Hulle onthou nog hoeveel teenstand daar was van God se vyande toe die tempel herbou is. Nou lewe hulle in ellende en verduur elke dag spot en smaad. Eintlik is dit die verkeerde mense om so ʼn geweldige taak, die herstel van Jerusalem se mure, aan op te dra.

Maar Nehemia het mos oor hierdie saak gebid. Hy word gedring deur sy liefde vir God. Boonop kon hy aan die gelowiges in Juda vertel hoe God tot dusver alle struikelblokke uit sy pad gevee het.

3. Hierdie platgeslane volk antwoord daarom soos een man: Kom ons bou! Kom ons bou! en hulle het die goeie werk aangepak. Weer het Nehemia gesien: As God se eer swaarder by jou weeg as enige iets anders, as jy jou roeping ʼn gebedsaak maak, as jy bereid is om in God se diens te staan, dan vee God self alle struikelblokke stelselmatig uit jou pad en seën Hy jou.

Natuurlik het die teenstand van God se vyande onmiddellik begin nadat die gelowiges gesê het: Kom ons bou! ʼn Mens moenie dink dat as jy bereid is om jou roeping uit te voer, jy dit sonder slag of stoot gaan doen nie. Maar dit is maar net nog ʼn struikelblok wat God uit jou pad sal vee as jy Sy eer vooropstel. Daarom kon Nehemia die spottende vyande van God antwoord: "Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons moet doen. Ons, sy dienaars, gaan bou."

Elkeen wat al belydenis van geloof afgelê het, het daarmee gesê: Ek weet Jerusalem se mure lê om en ek is bereid om te help bou! In ons gemeente het ons oor die 200 mense wat al belowe het dat hulle sal help bou! Ons het elkeen nodig, want die mure om ons gemeente word ook plek-plek afgebreek.
Ja, ons, die lidmate, is mos die muur om die Evangelie. Paulus sê mos die gemeente is die draer en die beskermer van die waarheid (1 Tm 3:15). Ons, die gemeente moet dus die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus uitdra en beskerm. Soos wat die muur om Jerusalem die tempeldiens aan God beskerm het, so moet ons soos ʼn muur om die Evangelie wees wat dit uitdra en beskerm.

Maar ons muur is plek-plek vol gate. Soos in Nehemia se tyd lyk dit na ʼn menslik onmoontlike taak om reg te stel. Maar met God se hulp is alles moontlik. Ons het dus lidmate soos Nehemia nodig. Lidmate wat besorg is oor die mure wat omlê, omdat

vervalle mure die eer van God aantas. Lidmate wat so diep geraak word deur die verval dat hulle bereid is om sonder ophou te bid vir medelidmate wat gate in die muur kap met hulle koudheid en hulle louheid en hulle onbetrokkenheid.

Ons het gewone gelowiges nodig wat so dankbaar is vir die verlossing in Jesus Christus, dat hulle bereid is om draers en beskermers van die waarheid te wees.

Lidmate wat besef: Om die Here te dien vra opofferings, harde werk, tyd, moeite, geduld, energie, uitgawes. Om ŉ draer en ŉ beskermer van die waarheid te wees, is ŉ voltydse werk. Terwyl daar gate in die muur is, moet ons voltyds werk. Ons kan nie deeltydse of stokperdjie-gelowiges wees nie.

Solank as wat daar koues en loues en onbetrokkenes in die gemeente is, het ek werk. Solank as wat daar siekes en oues is om te besoek, het ek werk. Solank as wat daar kindertjies en jong gelowiges is wat geestelik begelei moet word, het ek werk. So lank as wat daar mense is wat nog nie die Evangelie gehoor het nie, het ek werk. So lank as wat die Here gawes aan my gee, het ek die verpligting om my gawes aan te wend tot eer van sy Naam en tot voordeel van my medegelowiges.

Maar ŉ goeie bouer het opleiding en toerusting nodig. Ek het dus toerusting nodig: Die toerusting wat ek in elke erediens kry, wat ek in ŉ Bybelstudiegroep kry, wat ek in die katkisasie kry, wat ek in my binnekamergodsdiens kry. Die kerk het ook middele nodig, dankoffers wat uit my sak moet kom. Die volgende toerustingsessie is vanoggend om 10:30. Gaan jy hier wees?

Geliefdes, ons moet begin besef: As ek nie self iets aan die mure van ons gemeente gaan begin doen nie, gaan daar niks gebeur nie. Elke taak in die gemeente het mense nodig om dit te doen. Ek is een van daardie mense. Die Here het vir my werk gegee in hierdie kerk. Ek het boonop al belowe dat ek hierdie werk ywerig sal doen uit dankbaarheid vir die verlossing in Jesus Christus. Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek vir God belowe: Ek sal help bou!

Ons moet dus besef: My lidmaatskap van die kerk van Jesus Christus moet veel meer behels as net so nou en dan ŉ erediens bywoon en so nou en dan iemand te ontvang vir huisbesoek. As dit die somtotaal van my betrokkenheid is, is ek een van die gate in die muur.

Die vraag is dus: Wat het jy die afgelope week gedoen vir die kerk van die Here? Wat het jy die afgelope jaar gedoen? Watter deel van die muur het jy die afgelope 10 jaar gebou? Wat kan jy wys? Vir wie het jy gebid? Vir wie het jy ondersteun? Vir wie het jy gehelp? Waar het jy leiding geneem? Waar het jy ŉ verskil gemaak? Waar het jy soos sout en soos lig opgetree? Aan wie het jy die Evangelie verkondig en vir wie het jy ŉ voorbeeld gestel? Vir wie het jy besoek om te ondersteun of te vermaan? Hoe ŉ groot deel van jou inkomste het jy as dankoffer gegee?

Of is jy een van die wat dink: Ek behoort aan die kerk om opgebou te word, nie om te bou nie. Ek behoort aan die kerk om bedien te word, nie om te dien nie? Mense wat so dink, is gate in die muur en nie ywerige, dankbare bouers nie.

Geliefdes, gaan vanoggend huis toe, praat met mekaar, bid daaroor en besluit waar elkeen sy gewig gaan ingooi: Gaan u siekes besoek, barmhartigheidswerk doen, krisisse help hanteer, nuwe intrekkers besoek en tuis maak, ou mense besoek en hulle sommer ook help met ŉ takie, enkelouers ondersteun, of gaan jy ŉ Bybelstudie groep begin, of ŉ wyksbyeenkoms reël, of by die Jeug leiding gee of by die instandhoudingskommissie help of wat ook al? Gaan jy doelbewus die Evangelie begin deel met mense wat op jou pad kom ?

My gesindheid moet wees: Omdat die eer van die Here vir my swaarder weeg as enige iets anders, daarom wil ek nie en sal ek nie iemand wees wat die mure afbreek nie, maar sal ek met vreugde ŉ bouer wees, ŉ meelewende, dankbare kind van God. Ek het dit mos immers belowe toe ek belydenis van geloof afgelê het. Geliefdes, mag die Here ons elkeen voortdurend laat besef: Ek het ŉ taak en ŉ roeping. Die Here wil my gebruik vir sy bouwerk in sy kerk. Al lyk die taak somtyds onmoontlik, as ek my roeping uitvoer, sal God self alle struikelblokke uit my pad vee en my laat slaag.

Daarom moet ek nie teen die struikelblokke soos gebrek aan meelewing of gebrek aan geld of gebrek aan hulp of aan liggaamskragte of wat ook al vaskyk nie, maar soos Nehemia my oë op die almagtige God hou. Jesus Christus het ons juis verlos sodat ons diensbaar kan wees! As ek dit gaan doen, sal God groot dinge deur my kan doen net soos Hy groot dinge deur Nehemia gedoen het! Waar gaan u begin bou? Of waar gaan u met hernude ywer aanhou bou? Amen.

## 3. TEKS: NEHEMIA 2:20

**TEMA: Kom ons werk mee aan God se plan wat nie kan misluk nie!**

1. Huil en bid as niks anders geestelike vernuwing kan bewerk nie.
2. Onthou, God het jou ook strategies geplaas.
3. Beplan, veral vir gebedsverhoring!
4. As jy meewerk aan God se plan sal jy nie misluk nie!
5. Gaan jy ook sê: Kom ons bou!?

Geliefdes,
1. Ons het in ŉ vorige preek gehoor van Nehemia wat verneem het van die mure van Jerusalem wat omlê en dat die kerk van die Here baie swaar gekry het daar in Jerusalem, die Godstad.

Ons het ook gehoor wat Nehemia se reaksie was: Nehemia het gehuil en dae lank getreur oor die mure van Jerusalem wat omlê en wat maak dat die kerk ellende en skande beleef. Ons het ook al gehoor van Jesus wat eeue later gehuil het oor die geestelike doodsheid van Jerusalem. En ons behoort te vra: Wat doen ons? Wanneer laas het ons gehuil oor ons eie geestelike doodsheid of oor die geestelike doodsheid van lidmate in die gemeente. Wanneer laas het ons gehuil oor ŉ medelidmaat wat afgedwaal het? Wanneer laas het ons getreur oor ons eie gebrek aan dankbaarheid en oor die gebrek aan dankbaarheid by ŉ groot deel van die gemeente?

Ons moet besef, God vra minder planne en Hy vra meer trane. Hy vra berou, hartgrondige berou en bekering. Ons maak allerhande planne, maar God vra minder strategie en meer trane. As alles misluk, huil dan! As niks meer wil werk om geestelike groei en dankbaarheid te bevorder nie, huil en treur dan.

Ons het egter ook gehoor: Nehemia het nie net gehuil nie. Nadat hy dae lank gehuil het, het hy begin om te bid, omtrent vier maande lank! Kan ek maar vra: Hoe lank bid u al oor die geestelike verval in ons gemeente?

Nehemia sê: "Ek het gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid."

Maar nadat Nehemia gehuil het en omtrent vier maande gebid het, was hy gereed om sy saak voor die Babiloniese koning voor te lê. Maar terwyl hy voor die koning staan bid hy eers nog ŉ slag! Hy stuur ŉ skietgebed op! Nehemia is nogtans bang, ten spyte van die gebed. En dan kom hy met die sak patats te voorskyn, soos ons gelees het in hoofstuk 2.

2. Die feit dat Nehemia aan die einde van hoofstuk 1 sê dat hy die koning se skinker was, sê vir ons dat hy besef het dat God hom in die strategiese posisie geplaas het waar hy elke dag met die koning te doen kon kry. Hy het besef dat God hom in die posisie laat kom het, juis sodat hy die saak van die volk van God in Jerusalem aan die koning kon voorlê. So plaas God ons ook elkeen in ŉ posisie tot voordeel van sy kerk. Die vraag is net, besef ons dit? En hoe reageer ons daarop?

Ons moet dus insien dat Nehemia ŉ hoë pos beklee het met baie voordele en dat hy gemaklik in die koning se skaduwee kon lewe. Maar hy is bereid om sy eie gemak prys te gee ter wille van die kerk van die Here wat in skande en ellende verkeer het.

3. Wat ook baie interessant is: Dit is duidelik dat Nehemia nie net gehuil en gebid het nie. Hy het besef dat God hom wil gebruik om die saak voor die koning te bring en om die mure weer op te bou. Daarom het hy ook beplan. Waarvoor? Vir gebedsverhoring! Hy kry sy dinge reg, sodat hy reg sal wees as God sy gebede verhoor! Nadat hy gehuil en getreur het, het hy lank gebid. In die tyd wat hy gebid het, het hy ook beplan vir gebedsverhoring! Hoe weet ons dit?

Wel, toe hy agterkom die koning is die saak goedgesind, toe haal hy sy beplanning uit en hy sê vir die koning: Hier is die lyste van wat ek alles gaan nodig hê! Ons moet dus beplan, maar ons moet maar eers huil en bid. Soos Nehemia moet ons ook daarvoor gereed maak en gereed wees vir die dag wat God ons gebede verhoor!

Nehemia is gereed, want hy het gebid en hy het beplan. Toe die koning toestemming gee, is hy reg daarvoor. Hy pak die lang en gevaarlike reis aan en dan, wanneer hy in Jerusalem aankom, rus hy eers drie dae en gaan dan in die nag ondersoek instel na waar daar bouwerk aan die muur gedoen moet word. Hy doen dus verdere beplanning. Dan eers maak hy sy plan bekend.

4. Die punt wat ek graag vanoggend wil onderstreep is: Nehemia wil heeltyd God se wil doen! Hy werk heeltyd mee aan God se plan. Daarom verwys hy voortdurend na wat God wil, wat God se plan is, en hy oortuig die gelowiges om saam te werk aan God se plan.

In vers 8 sê Hy: “My God het sy goeie hand oor my gehou, en die koning het my versoek toegestaan.” Die feit dat God se gebed verhoor het, het vir Nehemia die versekering gegee dat wat hy wil doen in ooreenstemming is met God se plan en dat dit nie maar net sy eie ou plannetjie is nie.

Daarom kan hy ook in vers 11 en 12 sê: “Ek het in Jerusalem aangekom, en na ek drie dae daar was, 12 is ek die nag stilletjies uit met ’n paar man by my. Ek het vir niemand gesê wat my God my in die hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie.” God het hom dus die taak opgelê en daarom het God hom in sy hart aangespreek om die groot taak aan te pak.

Wanneer hy klaar die mure in die nag gaan bekyk het, praat hy met die volk, die kerk van die Here, en hy beklemtoon ook dat hierdie plan God se plan is en dat almal wat gaan meerwerk aan die plan verseker kan weet dat hulle meewerk aan God se plan.

Daarom lees ons ook in vers 17-18: Maar toe sê ek vir hulle: “Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat dié vernedering nie langer op ons rus nie.” 18 Ek het hulle toe vertel hoe my God sy goeie hand oor my gehou het en wat die koning vir my gesê het. Hulle het gesê: “Kom ons bou!” en hulle het die goeie werk aangepak. Toe die volk die hele verloop van die saak hoor en toe hulle oortuig is hulle gaan meewerk aan God se plan in die wêreld, toe sê hulle soos een man: Kom ons bou! Met ander woorde: Ons kan sien dit is God se plan en ons wil meewerk aan God se plan in die wêreld!

Ook toe daar teenstand kom, maak Nehemia dit duidelik dat die wat teenstand bied dit tevergeefs doen. Jy kan jou nie suksesvol teen God se plan teësit nie.

Ons lees van die teenstand in vers 10: “Toe Sanballat die Goroniet en Tobija die Ammonitiese amptenaar dit hoor, was dit vir hulle slegte nuus. Hulle het dit as ’n groot ramp beskou dat daar iemand gekom het wat iets goeds vir die Israeliete wou doen.” Vandag nog word dit dikwels deur die wêreld as ŉ groot ramp beskou as iemand die kerk van die Here opbou en uitbou, of as iemand ŉ Bybelse beginsel stel teenoor verkeerde dinge in die samelewing.

Ons lees verder van die teenstand in vers 19 en 20: “Maar toe Sanballat die Goroniet, Tobija die Ammonitiese amptenaar en Gesem die Arabier hoor wat ons doen, het hulle ons uitgelag en smalend gevra: ‘Wat vir ’n ding is dit waarmee julle besig is? Wil julle in opstand kom teen die koning?’ 20 Ek het hulle geantwoord en vir hulle gesê: ‘Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou. Julle het nòg aandeel nòg reg in Jerusalem, en geen historiese band met hom nie.’”

Dit is ons troos as ons seker is ons werk mee aan God se plan in die wêreld en ons kry teenstand: Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons moet doen. Ons, sy dienaars, gaan aanhou om sy werk te doen, in die geloof dat Hy dit sal laat slaag.

Geliefdes, die gelowiges in Jerusalem was moeg en moedeloos. Nehemia kom by hulle aan terwyl hulle op ŉ laagtepunt is. Hulle onthou nog hoeveel teenstand daar was van God se vyande toe die tempel herbou is. En nou moet die muur gebou word. Nou lewe hulle in ellende en verduur elke dag spot en smaad. Eintlik is dit die verkeerde mense om so ŉ geweldige taak, die herstel van Jerusalem se mure, aan op te dra. Maar Nehemia het mos oor hierdie saak gebid. Hy word gedring deur sy liefde vir God. Boonop kon hy aan die gelowiges in Juda vertel hoe God tot dusver alle struikelblokke uit sy pad gevee het en hy kon hulle oortuig om in te koop in God se plan en mee te werk aan God se plan!

5. Hierdie platgeslane volk antwoord daarom soos een man: Kom ons bou! Kom ons bou! en hulle het die goeie werk aangepak, lees ons. Weer het Nehemia gesien: As God se eer swaarder by jou weeg as enige iets anders, as jy jou roeping ŉ gebed-saak maak, as jy bereid is om in God se diens te staan, dan vee God self alle struikelblokke stelselmatig uit jou pad en seën Hy jou dienswerk.

Kom ons bou! Een van die belangrike woordjies in hierdie sin is “ons”. God gee sy werk aan sy kerk om dit as ŉ span te doen. Hy wil ook hê dat ons as gemeente as ŉ span sal werk om sy werk hier in ons omgewing te doen!
Dit is wat ons ook moet doen: Saamwerk en meewerk aan God se plan. En wat is God se plan? Dit is om die Woord uit te dra, om sy kerk op te bou en uit te bou! Jesus het mos gesê: “Gaan dan na al die nasies toe. Maak die mense my dissipels en doop hulle en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het!” Dit is God se plan waaraan ons heelhartig moet meewerk!

Soos God dit vir Nehemia in die hart gegee het, sê Hy baie duidelik vir ons: Dra my Woord uit! Bou my kerk op. Bou my kerk uit. Ek het jou in 'n spesifieke posisie geplaas om te kan meewerk aan my plan vir die wêreld. Dit sal dalk ook beteken dat jy jou gerief en jou gemak sal moet prysgee en dat jy opofferings sal moet maak en dat jy teenstand en vyandskap moet hanteer. Maar vertrou op My, soos Nehemia vertrou het, om jou te laat slaag met My plan.

Geliefdes, dit is hoe God werk: Hy vertel van sy plan en wat Hy doen in sy Woord! Dan help Hy jou om deel te wees van sy plan. God werk sy plan uit deur ons. Gaan lees maar in Handelinge hoe God sy kinders gehelp het om sy Woord uit te dra. Vandag nog wil God sy kinders so gebruik! Ja, God wil geëer word as die enigste ware God en Hy wil tot in die uithoeke van die wêreld geëer word. Daarom het Hy sy Seun, Jesus Christus gestuur om mens te word. En sy Seun het vir al ons sondes versoening gedoen! Nadat Hy gesterf het en opgestaan het uit die dood het Hy aan ons die opdrag gegee om hierdie Evangelie onder al die nasies te verkondig, sodat al die nasies God sal eer vir die verlossing wat Hy bewerk het.

Daarom moet ons ook vanoggend vra: Is ek 'n aktiewe medewerker aan God se plan en is die gemeente 'n aktiewe medewerker aan God se plan?

Die deursnee lidmaat leef steeds net vir homself of haarself. Hulle stel God se eer steeds ondergeskik aan hulle behoeftes en belange. Hulle kies steeds watter eredienste hulle gaan bywoon en watter nie. Dit is nie vir hulle 'n uitgemaakte saak dat hulle in elke erediens wil wees om die ware God te dien nie. Hulle dien God halfhartig en nie heelhartig nie. Hulle eie dinge of hulle eie gemak weeg steeds swaarder as God se eer.

Steeds praat hulle nie met enige iemand wat nie die Here ken nie. Hulle is nog nie ligdraers nie. Hulle hou steeds die Goeie Nuus, die Evangelie vir hulle self. Steeds is hulle nie bereid om enige opofferings te maak om die Here te dien en te eer nie. Steeds is hulle nie bereid om enige teenstand te verduur in hulle uitlewing van hulle geloof nie.

En die gemeente? Wel die gemeente is soos die lidmate. Daarom moet ons vra, as ons na onsself kyk en na die gemeente: Is dit regtig God se plan? Is dit regtig hoe ons meewerk aan God se plan?

Geliefdes, die feit dat die gemeente al xx jaar bestaan en die feit dat ons vanoggend hier is om die Here te dien, is die bewys dat God ons steeds wil gebruik in sy plan! Hy is besig om sy plan en Hy roep ons elkeen en Hy stuur ons elkeen om mee te werk daaraan om die Evangelie uit te dra.

Geliefdes, God wil hê dat alle mense Hom sal ken en Hom sal dien. Hy wil hê alle mense moet sy teenwoordigheid, sy krag en sy genade in hulle lewens ondervind en Hy wil hê alle mense moet eendag sy heerlikheid sien en beleef.

Nehemia het sy lewe gegee vir God se saak. Uiteindelik het Jesus Christus sy lewe in ons plek gegee vir God se saak. Hy wil nou ook hê dat jy jou lewe sal wy aan God se saak deur ŉ ligdraer te wees!

Kyk wat het Jesus alles gedoen vir God se saak. Kyk sy toewyding. Hy het gehuil, Hy het gebid, Hy het God se beloftes geleef. Hy gee Homself om gekruisig te word. Hy staan op uit die dood en Hy stort sy Heilige Gees oor ons uit. En Hy sê: Julle sal my getuies wees in naby en in ver plekke tot in die uithoeke van die aarde.

Hy tree ook nou vir my in by ons Vader! Die Vader verhoor ons gebede en dra deur die lewe. Hoekom? Omdat Hy ons wil gebruik! Hy wil hê ons moet medewerkers wees aan sy plan om die Evangelie aan alle mense te bring. Hy sê vanoggend weer vir elkeen van ons: Neem deel aan my plan! Gee jou plannetjies op. Word deel van my groot, onfeilbare plan.

Geliefdes, toe die gelowiges in Jerusalem dit insien dat hulle gaan meewerk aan God se plan, toe sê hulle: Kom ons bou!

Elkeen van ons wat al belydenis van geloof afgelê het, het daarmee gesê: Ek weet Jerusalem se mure lê om en ek is bereid om te help bou! Ek belowe ek gaan meewerk aan God se plan!

Natuurlik het die teenstand van God se vyande onmiddellik begin nadat die gelowiges gesê het: Kom ons bou! ŉ Mens moenie dink dat as jy bereid is om jou roeping uit te voer, jy dit sonder slag of stoot gaan doen nie. Maar dit is maar net nog ŉ struikelblok wat God uit jou pad sal vee as jy sy eer vooropstel. Daarom kon Nehemia die spottende vyande van God antwoord: "Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons moet doen. ONS, SY DIENAARS, GAAN BOU."

Elkeen wat al belydenis van geloof afgelê het, het daarmee gesê: Ek weet Jerusalem se mure lê om en ek is bereid om te help bou!

Ons het gewone gelowiges nodig wat so dankbaar is vir die verlossing in Jesus Christus, dat hulle bereid is om draers en beskermers van die waarheid te wees. Lidmate wat besef: Om die Here te dien vra opofferings, harde werk, tyd, moeite, geduld, energie, uitgawes. Om ŉ draer en ŉ beskermer van die waarheid te wees is ŉ voltydse werk.
My gesindheid moet ook wees: Omdat die eer van die Here vir my swaarder weeg as enige iets anders, daarom wil ek nie en sal ek nie iemand wees wat die mure afbreek nie, maar sal ek met vreugde ŉ bouer wees, ŉ meelewende, dankbare kind van God. Ek het dit mos immers belowe toe ek belydenis van geloof afgelê het. Geliefdes, mag die Here ons elkeen voortdurend laat besef: Ek het ŉ taak en ŉ roeping. Die Here wil my gebruik vir sy bouwerk in sy kerk. Al lyk die taak somtyds onmoontlik, as ek my roeping uitvoer, sal God self alle struikelblokke uit my pad vee en my laat slaag. Ek werk immers mee aan God se eie plan!

Waar gaan u begin bou? Of waar gaan u met hernude ywer aanhou bou? Amen.

**4. NEHEMIA 3:5, 12, 28.**

**TEMA: God vra van elkeen om sy deel te doen om die muur te herstel.**

1. Sommige mense dink dit is benede hulle om swaar werk vir die Here te doen.
2. Vir sommige mense weeg God se eer so swaar dat hulle selfs dinge buite hulle aard sal doen.
3. As elkeen voor sy eie huis bou, sal die muur gou voltooi wees!

Geliefdes,
In die kerk van die Here kry 'n mens hoofsaaklik twee groepe mense. Vir die een groep weeg die eer van die Here swaarder as enige iets anders. Vir die ander groep weeg hulle eie gemak en voorkeure en smaak en eer die swaarste. Dit sien ons baie duidelik in Nehemia 3.

Ons het in die vorige preke gehoor dat, terwyl Nehemia in die koning van Persië se diens was, hy die berig gekry het: "Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand."

Jerusalem was die Godstad waar die tempel van die Here was, die enigste stad waar die Here gesê het dat die volk aan Hom offers mag bring. Dit was die godsdienstige sentrum van die volk.

Daarom, toe Nehemia die berig kry: Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Al was die tempel nou al weer herbou, het Nehemia geweet: So lank as wat Jerusalem se mure om lê, sal die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sal hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing.

Die Godstad het mure rondom nodig om al die vreemde invloede, al die dwalinge, al die spotters, al die vyande van God buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien. Die enigste manier om die saak reg te stel, was om die muur van Jerusalem weer op te bou en om die poorte weer te herstel sodat dit gesluit kan word.

Nehemia het egter geweldige groot struikelblokke in sy pad gehad. Maar hy skram nie weg van sy roeping nie. God se eer weeg mos vir hom swaarder as enige-iets anders. Daarom bid hy eers ernstig oor hierdie saak, omtrent vier maande lank, voordat hy met sy versoek na die koning gaan.

En toe gebeur daar 'n wonderlike ding: Al die struikelblokke wat eers onoorkomelik gelyk het, begin een na die ander verkrummel en Nehemia sien: As God se eer swaarder by jou weeg as enige iets anders, as jy jou roeping 'n gebedsaak maak, as jy bereid is om vir God te werk, dan vee God self alle struikelblokke stelselmatig uit jou pad en seën Hy jou.

Nadat Nehemia in Jerusalem aangekom het en in die stilligheid self eers ondersoek gaan instel het na die grote van die taak wat op hom wag, het hy sy medegelowiges bymekaar gekry. "Toe sê hy vir die Judeërs, die priesters, die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en al die ander: Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat die vernedering nie langer op ons rus nie. Hy het hulle toe vertel hoe God sy goeie hand oor hom gehou het en wat die koning gesê het."

Hierdie platgeslane volk antwoord toe, bo verwagting, daarop soos een man: Kom ons bou! Kom ons bou! en hulle het die goeie werk aangepak, staan daar.

1. In hoofstuk drie kry ons nou die geskiedenis van wie watter deel van die muur gebou het. Op die oog af lyk dit baie vervelig om te lees, maar eintlik is dit baie interessant! Hierdie geskiedenis wys duidelik dat daar twee groepe was, maar net soos vandag: Vir die een groep weeg die eer van die Here swaarder as enige iets anders. Vir die ander groep weeg hulle eie belange en gemak en voorkeure en smaak en eer die swaarste.

Van hierdie tweede groep lees ons in vers 5: "Die volgende stuk is herstel deur die mense van Tekoa, maar hulle vooraanstaande mense was nie gewillig om swaar werk te doen vir hulle Here nie." Maar hulle vooraanstaande mense was nie gewillig om swaar werk te doen vir hulle Here nie! Letterlik staan daar: Hulle vername manne wou nie die nek buig in diens van hulle Here nie. Dagha aanmaak en stene aandra en swaar bouwerk doen vir die Here?! Nee, nie ons nie, dankie. Ons is te belangrik daarvoor. Kry maar iemand anders om die swaar werk te doen.

Die kerk se tuin in stand hou, die kerkgebou in stand hou, tafels en stoele aanry en aandra vir 'n funksie, siekes besoek, treurendes vertroos, katkisasie gee, evangelisasie doen, afgedwaaldes nader trek, loues vermaan, huisbesoek doen, 'n wyksbyeenkoms reël, behoeftiges help, leiding neem, verantwoordelikheid dra, op die kerkraad dien, 'n Bybelstudiegroep begin, ongehoorsames aanspreek, voorbidding doen vir die gemeente, kosmaak vir 'n funksie? Vergeet dit. Ek is nie bereid om sulke werk te doen vir my Here nie. Kry maar iemand anders wat dit sal doen. Ek is te belangrik en te besig daarvoor.

2. Genadiglik lees ons ook van 'n ander groep: Hulle name is die hele hoofstuk vol: By hulle was die entoesiasme om die muur te bou oorweldigend. By oor die 40 plekke in die muur, by 9 poorte en by 4 torings het dankbare gelowiges ingespring en begin bou!

Priesters, Leviete, smede, salfmengers, gesagvoerders - almal het gehelp. Ja selfs Sallum se dogters. Stel u dit 'n bietjie in u geestesoog voor: 'n Pa en sy dogters wat groot, swaar

klippe aandra en in die muur inmessel. Hulle het nie gesê: Nee, dis manswerk nie. Ons naels sal breek en ons handjies sal skurf word nie. Nee, vir sommige mense weeg God se eer so swaar dat hulle selfs dinge buite hulle aard sal doen. God se eer kom voor hulle eie belang en gerief en voorkeure en smaak en eer. Daarom is hulle bereid om op te offer vir hulle Here, om tyd en energie en selfs harde werk in te sit uit dankbaarheid.

Sallum het seker nie seuns gehad nie, daarom het sy dogters hom gehelp. Hulle het nie gesê: Hierdie werk is te swaar vir ons, dit maak ons moeg en dit maak ons hande skurf nie. Nee, omdat hulle lief is vir die Here en vir sy kerk het hulle ingespring en gehelp bou! Hulle was anders as die ryk mense van Tekoa waarvan ons in vers 5 lees. Hierdie ryk mense het gesê dat hulle nie swaar werk wil doen nie. Hulle het seker gedink hulle is te belangrik om te help om ’n muur te bou. Hulle wou nie moeg word nie en hulle wou nie hê hulle hande moes vuil word nie!

Maar Sallum se dogters wys vir hulle en vir ons: As iets vir die Here gedoen moet word, moet ons almal bereid wees om te help, al word ons dalk moeg of vuil van die werk!

As ons dink aan wat ons Here Jesus vir ons gedoen het, dan sal ons bereid wees om enige iets vir die Here te doen. Jesus, wat self God was, was bereid om ’n mens te word, was bereid om in ’n stal gebore te word, was bereid om tussen vuil sondaars te lewe en was bereid om ook aan ’n harde houtkruis met spykers deur sy hande en voete vir ons te sterf!

As ons dit altyd onthou, dan sal niks ooit te veel moeite wees vir ons om vir die Here te doen nie! Sallum se dogters is vir ons almal ’n beskamende voorbeeld. Dieselfde gesindheid wat in Jesus was, was in hulle. Jesus, wat self God was, hoog verhewe, heilig en magtig het nie aan sy eie eer en posisie vasgeklou nie. Nee, Hy was bereid om daarvan afstand te doen om ’n mens te word, Hy het Homself tot in die dood verneder om ’n mens te word, sodat Hy vir al ons sondes volkome kon betaal. Daarom kon Hy ook ’n voorskoot ombind en soos ’n slaaf sy dissipels se voete was. Dieselfde gesindheid moet in ons wees.

Waar mense hierdie gesindheid het, kry jy gemeentes waar almal saam as ’n span vir die Here werk. Rang of posisie of beroep of bekwaamheid of kwalifikasies of dit wat jy besit of wat ook al maak nie saak nie. Almal werk saam in die span om die Here te verheerlik. Almal staan saam op vir die eer van die Here.

3. In vers 28 lees ons nog ’n interessante opmerking: “Die stuk van bokant die Perdepoort af is deur die priesters herstel, elkeen die gedeelte regoor sy huis.” Ons het mos ’n spreekwoord wat sê: As elkeen voor sy eie stoep vee, sal die straat skoon wees. As elke gesin in die gemeente maar net die muur voor sy eie huis bou, sal die muur mos nie vol gate wees nie!

Maar ons muur is vol gate. Kyk maar na ons erediensbywoningstatistiek. Kyk maar na ons dankoffers, hoeveel lidmate niks gee nie en hoeveel ver minder gee as wat hulle kan gee en behoort te gee.

Vra maar wie hou nog huisgodsdiens. Vra maar wie nog op sy beginsels staan tussen sy vriende of tussen sy kollegas. Vra maar wie het die afgelope tyd met een kerklosse of kerklose gepraat oor die verlossing in Christus.

Elke lidmaat wat homself onttrek en sê: Ek is nie bereid om swaar werk vir my Here te doen nie, laat ʼn gat in die muur. Elkeen wat dink hy is hier om bedien te word en nie om te dien nie, laat ʼn gat in die muur.

Ons, die lidmate, is mos die muur om die Evangelie. Paulus sê mos die gemeente is die draer en die beskermer van die waarheid (1 Tm 3:15). In Filippense 1:16 sê hy dat hy die opdrag het om die evangelie te verdedig. Ons, die gemeente moet dus die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus uitdra en beskerm en verdedig. Soos wat die muur om Jerusalem die tempeldiens aan God beskerm het, so moet ons soos ʼn muur om die Evangelie wees wat dit uitdra en beskerm.

Soos in Nehemia se tyd lyk die geestelike verval na ʼn menslik onmoontlike taak om reg te stel. Maar met God se hulp is alles moontlik. As elke gesin maar net die deeltjie voor sy eie huis bou. As elke gesin maar net sy deel doen!

Ons het dus lidmate soos Nehemia en die priesters wat voor hulle eie huise gebou het en die dogters van Sallum en al die ander wie se name in hoofstuk 3 staan, nodig, behalwe natuurlik die vooraanstaandes van Tekoa wat nie bereid was om vir die Here te werk nie.

Ons moet lidmate wees wat besorg is oor die mure wat omlê, omdat vervalle mure die eer van God aantas. Lidmate wat so diep geraak word deur die verval dat ons bereid is om sonder ophou te bou. Ons het gewone gelowiges nodig wat so dankbaar is vir die verlossing in Jesus Christus, dat hulle bereid is om draers en beskermers van die waarheid te wees.

Lidmate wat besef: Om die Here te dien vra opofferings, harde werk, tyd, moeite, geduld, energie, uitgawes. Om ʼn draer en ʼn beskermer van die waarheid te wees is ʼn voltydse werk. Terwyl daar gate in die muur is, moet ons voltyds werk.

Solank as wat daar koues en loues en onbetrokkenes in die gemeente is, het ek werk. Solank as wat daar siekes en oues is om te besoek, het ek werk. Solank as wat daar kindertjies en jong gelowiges is wat geestelik begelei moet word, het ek werk. So lank as wat die Here gawes aan my gee, het ek die verpligting om my gawes aan te wend tot eer van sy Naam en tot voordeel van my medegelowiges. Solank as wat die Here aan my besittings gee, moet ek dankoffers gee.

Solank as wat daar dwaalleer verkondig word, het ek die plig om met die Woord die waarheid te verkondig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ŉ regte lewenswyse te kweek. Solank as wat my kind se Christelike onderwys in die skool bedreig word, het ek die opdrag om die verval teen te werk en om verbondsonderrig in die skole te bevorder.

Solank as wat daar lidmate in die gemeente is wat in sonde volhard, het ek die opdrag in Matteus 18 om hulle daaroor te vermaan en terug te bring op die regte pad. Solank as wat daar mense is wat swaarkry, moet ek hulle nood help verlig. Omdat God my in my ellende raakgesien het, wil ek ander se nood help verlig.

Omdat die eer van die Here vir my swaarder weeg as enige iets anders, daarom wil ek en sal ek self ook nie iemand wees wat die mure afbreek nie, maar sal ek met vreugde ŉ bouer wees, ŉ meelewende, dankbare kind van God. Ek het dit mos immers belowe toe ek belydenis van geloof afgelê het.

Geliefdes, ons het sulke lidmate broodnodig. Genadiglik gee God ook sulke lidmate in ons gemeente. Hulle gryp elke geleentheid om die Here in die erediens te kom dien met ope arms aan. Hulle benut elke geleentheid waar hulle geestelik opgebou kan word. Daarom mis hulle nie ŉ erediens nie, daarom hou hulle huisgodsdiens, daarom lees hulle elke dag Bybel en bid hulle elke dag.

Hulle besef: ons behoort in die eerste plek aan die kerk om die Here te dien, nie om bedien te word nie. Daarom dien hulle hulle medegelowiges met die gawes wat die Here aan hulle gegee het en dra hulle die Woord met blydskap uit.

U sal verbaas wees om te weet hoeveel lidmate daar is wat in die stilligheid liefdesdiens doen, wat behoeftiges help, wat die Woord uitdra by die werk en by hulle bure, wat die Bybel aandagtig lees en probeer uitleef, wat omgee en troos en help waar die lewe ŉ medegelowige seergemaak het. U sal verbaas wees om te sien hoe dit dikwels die is wat nie die meeste besit nie wat die grootste dankoffers gee, hoe daar lidmate is wat bo hulle vermoë bydra.

Hulle verwag ook nie dat hulle dienswerk aan die groot klok gehang word nie. Hulle verwag ook nie eens ŉ dankie nie, want hulle doen dit alles uit dankbaarheid vir God se genade en liefde in hulle lewe. Soos die dogters van Sallum. Soos die priesters sorg hulle dat die muur voor hulle eie huis nie gate in het nie, en bou hulle selfs ook voor ander se huise.

Geliefdes, as ons soos Nehemia vandag moes opskryf wie wat doen in die opbou en die uitbou van die kerk van die Here, wat sal daar langs u naam staan? En as ons aan die einde van hierdie jaar dit weer moet opskryf, wat sal daar dan staan?

Mag daar langs elkeen van ons se naam staan: Hy of sy het uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus voluit gebou aan die kerk van die Here. Hy of sy was selfs bereid om swaar werk vir die Here te doen. Hy of sy was selfs bereid om werk te doen wat eintlik nie van hom of haar verwag is nie. Hy of sy was getrou in hulle dienswerk. Hy of sy het hulleself as lewende dankoffers aan die Here gegee. Ter wille van die eer van die Here het hulle sy kerk opgebou en uitgebou! Amen.

**5. NEHEMIA 4:14**

**TEMA: Volhard in vervolging en hou aan bou!**

1. Wees gereed!: Vervolging en teenstand is gewaarborg
2. Vervolging lei dikwels tot kleingeloof
3. Volhard in die geloof dat God self sy werk deurvoer!

Geliefde gemeente van Jesus Christus,

1. Om ŉ Christen te wees is nie maklik nie. Veral nie as jy toegewy aan God wil lewe nie. Paulus skryf vir Timoteus: "Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word" (2 Tm. 3:12). Jesus het ook gesê: "ŉ Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg ... hulle sal dit alles aan julle doen omdat julle My Naam bely en hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie" ( Jh. 15:20,21). En in 1 Tessalonisense 3:3 lees ons: "Dat ons ter wille van ons geloof vervolg sal word, staan vas. Dit weet julle."

Om ŉ Christen te wees, beteken om doelbewus teen die goddelose wêreld in kant te kies vir God. Daarom sal die wêreld ons haat. Daarom het Jesus ook gesê: "As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat ... Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle" (Jh. 15:18,19). Dit het Nehemia al in sy tyd ondervind.

Ons onthou hoedat ons in vorige preke gehoor het dat, terwyl Nehemia in die koning van Persië se diens was, hy die berig gekry het: "Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand."

Toe Nehemia die berig kry: Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Hy het geweet: So lank as wat Jerusalem se mure om lê, sal die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sal hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing. Die enigste manier om die saak reg te stel, was om die muur van Jerusalem weer op te bou en om die poorte weer te herstel sodat dit gesluit kan word.

Nadat Nehemia in Jerusalem aangekom het, het hy sy medegelowiges bymekaar gekry. Toe sê hy hulle: "Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin

en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat die vernedering nie langer op ons rus nie. Hy het hulle toe vertel hoe God sy goeie hand oor hom gehou het en wat die koning gesê het."

Hierdie platgeslane volk antwoord toe daarop soos een man: Kom ons bou! en hulle het die goeie werk aangepak. In hoofstuk drie het ons die interessante geskiedenis gehoor van wie watter deel van die muur gebou het. Dit was duidelik dat daar maar net soos vandag twee groepe in die gemeente was: Vir die een groep weeg die eer van die Here swaarder as enige iets anders. Vir die ander groep weeg hulle eie gemak en voorkeure en smaak en eer die swaarste.

By die oorgrote meerderheid was die entoesiasme om die muur te bou oorweldigend. By oor die 40 plekke in die muur, by 9 poorte en by 4 torings het dankbare gelowiges ingespring en begin bou aan die twee en ŉ half kilometer lange muur.

Priesters, Leviete, smede, salfmengers, gesagvoerders - almal het gehelp. Ja selfs Sallum se dogters. Vir hulle weeg God se eer so swaar dat hulle selfs bereid is om dinge buite hulle aard te doen. God se eer kom voor eie gerief en voorkeure en smaak en eer. Daarom is hulle bereid om op te offer vir hulle Here, om tyd en energie en harde werk in te sit uit dankbaarheid.

2. Maar net toe die dinge mooi op dreef was, net toe dit lyk of die volk dit gaan regkry om die eer van God se Naam te verdedig, het die moeilikheid begin. God se vyande het die bouers begin spot en verkleineer en gedreig. Dit is die eeue-oue taktiek van die Satan: Net sodra dit lyk of jou taak in diens van die Here mooi op dreef is, dat steek hy ŉ stok in die wiel.

Sanballat was woedend toe hy hoor dat die muur om Jerusalem herbou word. Hy wou ten alle koste keer dat die volk van God hulle self beveilig sodat hulle die Here in rus en vrede kon dien. Hy het met groot ergernis smalend teen die Judeërs uitgevaar en vir sy medeamptenare en vir die soldate in Samaria gesê: "Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle vir hulle ŉ stadsmuur bou? Wil hulle offerandes bring en in een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe laat herleef uit daardie hope stof en as?"

Daarmee het hy eintlik met God self die spot gedryf. Hy het indirek beweer dat die volk verniet God se hulp in gebed vra vir die bou van die muur, want volgens hom was God nie magtig genoeg om die muur weer op te rig nie.

Ook Tobija het die spot gedryf: "Laat hulle bou! Daardie klipmuur van hulle sal omval as ŉ jakkals daarteen spring!" Met ander woorde, die werk van die gelowiges is nutteloos. Selfs God self sal dit nie kan laat staande bly nie.

Toe die taktiek nie werk nie, het hulle saamgesweer om Jerusalem met wapengeweld aan te val en verwarring te stig. Hierdie gespot en nou ook die dreigende lewensgevaar

het die volk moedeloos gemaak. Hulle het begin kla: Die draers se kragte gee in, die puin is te veel. Ons gaan dit nie regkry om die muur klaar te bou nie.

Geliefdes, vandag nog volg die Satan en sy handlangers, die vyande van God, dieselfde strategie. Hulle maak eers alles wat die gelowiges doen bespotlik. Hulle dryf die spot met mense wat in gehoorsaamheid aan God weier om mee te doen aan losbandigheid of onsedelikheid. Hulle dryf die spot met mense wat Bybel lees en bid en wat hulle roeping uitvoer. Selfs die kinders wat nog op skool is, ondervind dit al dat hulle gespot word as hulle nie wil meedoen aan verkeerde dinge nie.

Dink ook aan hoe ons sinodebesluite soms ook belaglik gemaak word in die media deur mense wat nie kan insien dat dit nie in die kerk gaan oor wat mense wil hê nie, maar oor wat God sê in sy Woord.

As die spot en verkleinering nie werk nie, tref God se vyande fisiese maatreëls om die lewe vir gelowiges moeilik te maak. Ons ken dit mos, geliefdes. In ons eie land is God uit die grondwet uitgeskryf. Skole wat altyd by die departement fondse kon kry vir die aankoop van Bybels, mag dit nou nie meer doen nie.

In die leerplanne word alle godsdienste gelyk gestel aan mekaar. Dit alles sal uiteindelik uitloop op die groot verdrukking van gelowiges waarvan ons in die Bybel lees. Dit is wanneer mense in die tronk gegooi en selfs doodgemaak sal word, omdat hulle in God glo.

Dit maak mense moedeloos en bang as hulle lewens in gevaar kom omdat hulle die Here dien. Wat het Nehemia gedoen toe die gelowiges begin moedeloos en bang word? Wat het hy gedoen toe die volk begin voel dat hulle pogings vrugteloos is en dat hulle vyande oor hulle die oorhand gaan kry? Geliefdes, hy herinner hulle daaraan dat God almagtig is, dat Hy in beheer is: "Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise."

Nehemia leer ons hier om ons nie blind te staar teen ons probleme of teen die oormag van die vyande van God nie. Nee, kyk na God en onthou dat Hy almagtig, getrou en barmhartig is. Wanneer dit swaar gaan en dit selfs lyk of daar geen uitkoms is nie, vestig jou geloofsoë op jou hemelse Vader en vertrou op Hom.

Dit is presies ook wat Jesus ons beveel om te doen in die boek Openbaring. In Openbaring lees ons van verskriklike dinge wat gaan gebeur, maar dwarsdeur die boek word gelowiges daaraan herinner dat God almagtig is en dat Hy in beheer is. Moedeloosheid en vrees is dus eintlik 'n teken van kleingeloof. Nehemia herinner die volk daaraan dat hulle in die geloof op God moet vertrou en dat hulle in die geloof moet voortgaan om te bou en dat hulle hulle in die geloof teen die aanslae van die bose moet verset.

3. Daarom bewapen hy die volk en beveel hy hulle om te bou met die wapen in die een hand en die troffel in die ander hand. Daarom stel hy ook wagte aan om die bouers te beskerm. Geliefdes, hieruit leer ons twee baie belangrike dinge: Ons moet onsself bewapen en ons moet mekaar beskerm in ons stryd teen die bose.

Waarmee moet ons onsself bewapen? Ons moet onsself bewapen met die Swaard van die Gees, die Woord van God, die Bybel. Dit is die enigste wapen waarmee ons effektief weerstand kan bied. Sonder die Woord van God in ons hande en in ons harte, sal God se vyande ons onder die stof loop, sal ons kleingelowig wees, sal ons moedeloos word. Maar as ons met die Woord bewapen is, dan kan ons saam met Paulus uitroep: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Oor die Woord lees ons in 2 Timoteus 3:15-17: "Die heilige Skrif kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ʼn regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

As ons wil staande bly teen die Satan en sy trawante wat ons in ons bouwerk wil stuit, dan moet ons met hierdie Woord bewapen wees. Daarom moet ons ons Bybels lees en elke geleentheid waar ons opgelei word om met hierdie Swaard te verdedig en aan te val met albei hande aangryp en dit ten beste benut. Elke oomblik in jou binnekamer, elke oomblik by huisgodsdiens, elke erediens, elke katkisasieklas, elke Bybelstudie, elke huisbesoek is so ʼn geleentheid.

Die ander ding wat baie duidelik is uit Nehemia 4 is dat ons mekaar nodig het, dat ons die plig het om mekaar te beskerm in hierdie stryd. As ek bou, weet ek daar is medegelowiges wat my beskerm en as my medegelowiges bou, weet hulle ek is daar om wag te hou. As die ramshoring blaas en my hulp ingeroep word, dan sal ek gereed wees om te gaan help om die aanval af te weer en om weerstand te bied teen die aanslae van die bose.

Geliefdes, die ramshoring is op die oomblik besig om te blaas, want ons word op baie fronte aangeval.

Regerings wat Christelik is en wat die eer van Here verdedig en wat vir die gelowiges ruimte maak om ongestoord die enigste ware God te dien, moet tot ʼn val gebring word en vervang word met regerings wat die lewe vir Christene ondraaglik maak. Daarom moet ons ons beywer vir ʼn regering met Christelike waardes en moet elkeen van ons ons stem laat hoor waar die huidige regering God se eer aantas.

Enige iemand wat verkondig dat daar net een God is, die God van die Bybel, die Drie-enige Verbondsgod, en wat verkondig dat alle ander godsdienste vals is, word as

onverdraagsaam, naïef en oningelig uitgeskel. Ons moet sulke verkondigers ondersteun deur vir hulle te bid en hulle te bemoedig.

Onderwys wat nog die eer van God wil bevorder deur kinders te leer dat net die God van die Bybel die ware God is, wat kinders se oë oopmaak vir die almag en die wonder van God in die skepping, wat daarom ook ŉ voortsetting is van die verbondsonderrig wat die kinders in hulle ouerhuise kry, is nou uit die bose en moet met sogenaamde sekulêre onderwys vervang word.

Ons moet elkeen by die skool waar ons kinders is, inklim en hierdie vreemde invloede beveg met die Swaard van die Gees en ons moet vir ons kinders en onderwysers bid en ons moet hulle wat in die voorste linies veg ondersteun en hulle opdra aan die krag en genade van die Here. Ons kan ook help deur elkeen ŉ Bybel aan ŉ skool te skenk. Ons moet die Beheerliggaamverkiesing by die skole ernstig opneem en sorg dat die regte mense verkies word.

Die ramshoring blaas ook in ons gemeente op ŉ paar plekke. Die ramshoring blaas waar ŉ lidmaat afvallig word en nie eredienste bywoon nie. Die ramshoring blaas waar ŉ lidmaat nie Bybel lees en bid nie. Die ramshoring blaas waar ŉ lidmaat nie sy Christelike beginsels uitleef nie, nie soos sout en lig leef by sy woonplek en werkplek en speelplek nie.

Die ramshoring blaas waar gesinne nie meer huisgodsdiens hou nie, waar lidmate wat gawes van die Here gekry het, en ons almal het!, dit nie tot eer van die Here en tot voordeel van medegelowiges wil aanwend nie. Die ramshoring blaas by elke vakante wyk op die kerkraad, by lidmate in die gemeente wat in sonde volhard, by kinders en jongmense wat leiding vra.

Hoor ons dit nog as die ramshoring blaas? Hoor ons nog die noodkrete van medegelowige wat smeek: Kom help my asseblief, die stryd is besig om my moeg en moedeloos te maak! Of het ons doof geraak hiervoor omdat God se eer nie meer vir my saak maak nie?

Nee, dit mag nie gebeur nie! Hoor wat sê ons teks: “Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise.”

Geliefdes, ons het sulke lidmate wat die ramshoring hoor en bereid is om in die geloof te veg, broodnodig. Genadiglik gee God ook sulke lidmate in ons gemeente. Hulle besef: ons behoort in die eerste plek aan die kerk om die Here te dien, nie om bedien te word nie. Daarom dien hulle hulle medegelowiges met die gawes wat die Here aan hulle gegee het. In die stilligheid doen hulle liefdesdiens, help hulle behoeftiges, dra hulle die Woord uit by die werk en by hulle bure, lees hulle die Bybel aandagtig en probeer dit uitleef, hulle gee om en troos en help waar die lewe ŉ medegelowige seergemaak het,

in liefde gaan vermaan hulle waar dit nodig is. Hulle doen dit alles uit dankbaarheid vir God se genade en liefde in hulle lewe.

Geliefdes, mag ons elkeen onsself voortaan bewapen met die Woord van God, mag ons mekaar beskerm in die stryd teen die bose, mag ons ŉ oop oor hê vir wanneer en waar die ramshoring blaas. "Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise." God self is immers in beheer. Hy voer self sy raadsplan deur. En Hy wil jou gebruik. Amen.

## 6. NEHEMIA 5:9-12

**TEMA: Wees lief vir mekaar omdat God jou lief het!**

1. Teenstand, ook van binne!
2. Wees lief vir mekaar omdat God jou lief het.
3. Liefde is prakties en verryk jou geloof.

Geliefdes,

1. Ons het in ŉ vorige preek gehoor van die teenstand wat Nehemia en die volk van God ondervind het met die bou van die muur om Jerusalem. Hierdie teenstand het van God se vyande gekom. In hoofstuk 5 kry Nehemia egter uit ŉ onverwagte oord probleme. Hy moes uitvind dat daar gelowiges was wat ander gelowiges uitgebuit het, gelowiges wat die wêreld vir mekaar ondraaglik gemaak het. Gelowiges wat liefdeloos teenoor mekaar opgetree het.

Wanneer God se vyande ons as gelowiges verhinder om ons roeping te vervul, as hulle die wêreld vir ons warm maak, dan kan ons dit verstaan. Ons verwag eintlik van hulle om so op te tree. Maar wanneer dit van een van jou medegelowiges kom, dan maak dit baie seer. Dit is soos om saam in ŉ oorlog te veg teen ŉ vyand en om dan sommer onverwags deur een van jou eie mense in die rug gesteek te word.

Die Judeërs het saam gebou aan Jerusalem se muur, hulle het saam hard gewerk, saam opgestaan vir die eer van die Here en tog was daar van hulle wat die ander gruwelik uitgebuit het. ŉ Deel van die volk was arm en daar was hongersnood. Om kos in die hande te kry, moes hulle hulle lande en wingerde en huise aan medegelowiges verpand. Erger nog, hulle seuns en hulle dogters moes as slawe werk vir medegelowiges en dit nadat alle Judeërs wat slawe in diens van heidene was deur hulle volksgenote losgekoop is.

So mag dit nie gaan in die kerk van die Here nie. Daarom was Nehemia hewig ontsteld toe hy die aanklagte en beskuldigings hoor en het hy alles in sy vermoë gedoen om die saak reg te stel.

2. Hy was hewig ontsteld, want hy moes nou vir mense wat veronderstel is om van beter te weet, leer om mekaar lief te hê. Hy moes vir mense wat elke dag uit God se liefde en genade geleef het, leer dat hulle liefde aan hulle medegelowiges moet bewys. Hy besef dat hy nie net die muur van Jerusalem moet herbou nie, maar dat hy ook die regte gesindheid in sy mense se harte moet opbou.

Hy moes hulle leer dat om iemand lief te hê, beteken om iets vir daardie persoon te doen. Liefhê in die Bybel is nie ŉ gevoelwoord nie, maar ŉ doen-woord. Liefhê is ŉ werkwoord. Gelowiges mag nie liefdeloos teenoor mekaar optree nie, maar moet mekaar liefhê.

Ons mag dus nie toelaat dat ons gevoel oor iemand ons gedrag teenoor daardie persoon bepaal nie. As jy nie van iemand hou nie, beteken dit nie dat jy nou sommer liefdeloos teenoor hom of haar mag optree nie. Nee, ons gehoorsaamheid aan die Here moet ons optrede teenoor ander mense bepaal. Ons gehoorsaamheid aan die Here moet ons optrede teenoor ander mense bepaal. In gehoorsaamheid aan die Here moet ons dus die opdrag van die Woord gehoorsaam.

Opdragte soos: “Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê” (1 Pt 1:22). “Dien mekaar in liefde” (Gal. 5:13). “Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het” (Ef. 5:32). “Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het ... Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind” (Kol 3:12-14).

3. Nehemia moes vir die volk leer ware geloof en ware liefde is geloof en liefde wat in dade oorgaan. Liefde in die Bybel is om jou geloof in dade te laat oorgaan. Om jou geloofskar in rat te sit en te begin ry. Om tot aksie oor te gaan.

Die wonderlike is, sodra ons hierdie dinge gaan doen, gaan uitleef, gaan beoefen, dan gaan ons geloof verryk word, dan sal ons iets beleef. Jy sal beleef dat jou geloof groei, jy sal dit beleef dat jy Jesus Christus beter leer ken.

Dit gaan hier oor liefde vir medegelowiges. Dit is liefde onder mekaar, omdat ons broeders en susters in Christus is. Op grond van die feit dat Christus vir ons gesterf het, op grond van die feit dat Hy deur sy Gees in ons woon, moet ons mekaar liefhê. Omdat Christus iemand liefhet en hom sy kind gemaak het, moet ek hom ook liefhê.

God sê dus eintlik vir ons: Ek het jou lief. Daarom het Ek my Seun gestuur om vir jou sondes te sterf en te betaal. Jy is nou my kind. Nie omdat jy enige goeie hoedanighede het nie, maar omdat Ek jou gekies het om my kind te wees. Uit genade en deur genade

red ek jou van jou sondes en die ewige dood. Maar jy moet onthou: as dit nie vir My liefde en my genade vir jou was nie, dan was jy vir ewig verlore.

Ook moet jy onthou: jy is nie die enigste een aan wie Ek my genade bewys nie. Nee, daar is ander mense ook vir wie Ek net so lief is soos vir jou. Hulle is ook nou my kinders. Ek het hulle ook lief, daarom moet jy hulle ook lief hê! As Ek hulle liefhet, wie is jy dan om liefdeloos teenoor hulle op te tree, om nie liefde aan hulle te bewys nie?

God vra van ons dat ons aan mekaar liefde sal bewys omdat ons in Christus broeders en susters van mekaar is. Dink aan die liefde wat God aan jou bewys het en gaan jy en doen dieselfde aan jou medegelowiges.

Kom ons raak prakties:

Ons is mos lief daarvoor om liewer van iemand te praat as met iemand. As ’n gemeentelid iets verkeerd gedoen het of ons verontreg het, dan sal ons met almal daaroor praat behalwe met die persoon self. Het jy gehoor wat het die lidmaat, of die dominee of die ouderling nou al weer gedoen, hoe hy my verontreg het? Maar dit is liefdeloosheid en sonde om so te maak. Nee, omdat hy my broerder in Christus is, bewys ek liefde aan hom deur self met hom te gaan praat oor dit wat my pla. Dit is broederliefde.

Nie net in die gemeente nie, maar ook in die huisgesin. Broederliefde begin immers in die gesin. In die gesin moet ons soos broeders en susters in Christus lewe. As ons dit daar nie eens doen nie, kan ons maar daarvan vergeet om dit in die gemeente te doen. Die bepalende faktor in die huis moet nie net wees dat ons familie is nie, maar dat ons in Christus een liggaam is.

Ons mag dus nie liefdeloos teen mekaar optree soos die gelowiges in Nehemia se tyd nie. God verwag van ons dat ons mekaar sal liefhê. Ons weet baie keer van iemand wat swaarkry of hartseer is of siek is, maar ons kyk maar anderpad of ons vertal die dominee daarvan. Deur die dominee van iemand se swaarkry te vertel is reg, maar jy is liefdeloos as jy dink dat jou verantwoordelikheid daarmee afgehandel is.

Die dominee of jou ouderling kan vir jou sê wat jy vir so iemand moet gaan sê of watter Skrifgedeelte om te gaan lees of wat om te gaan bid, maar steeds is dit jou liefdestaak om te gaan doen.

God se opdrag is baie duidelik: Julle moet mekaar liefhê. Dra mekaar se laste. Broederliefde is om self te gaan en te gaan help en vertroos. In ons gemeente is daar deur God se groot genade baie wat dit doen, en daarvoor is ons die Here diep dankbaar.

Maar ongelukkig is daar ook van hulle wat niks doen nie. Hulle besef nie dat ons hier is om liefde te gee en nie om liefde te ontvang nie. Ek moet liefde aan my medegelowiges

bewys, nie omdat ek liefde van hulle ontvang nie, maar omdat ek liefde van God ontvang. Ek verryk my geloof mos deur liefde te bewys, te gee en nie deur daarop ingestel te wees om dit te ontvang nie.

Broederliefde beteken ook dat ons mekaar in liefde sal dien. Party mense dink hulle behoort aan ŉ kerk om bedien te word. Hulle dink die kerk is ŉ passasiersskip en die ampsdraers is die kelners. Hulle kan maar net hulle vingers klap en bestellings gee. Soos die gelowiges in Nehemia se tyd wat hulle medegelowiges soos slawe laat werk het vir hulle en hulle uitgebuit het.

Nee, die kerk is ŉ oorlogskip. Hier is nie plek vir passasiers nie. ŉ Passasier is net in die pad op ŉ oorlogskip. Elkeen is hier met ŉ doel, elkeen is hier om iets te doen. Ons is onder andere hier om mekaar te dien. Ons is hier ter wille van ander. Almal is nie hier ter wille van my nie. Ek is hier ter wille van hulle. En ons is almal hier ter wille van die eer van die Here. Daarom moet ek God bo alles liefhê en my naaste soos myself. Soos Jesus bereid was om sy dissipels se voete te was, so moet ons ook bereid wees om mekaar te dien.

Ons bewys ook broederliefde aan mekaar deur te bid vir mekaar. Christus tree elke dag by die Vader vir my in. Daarom moet ek ook vir ander bid. Soos wat Christus nie sy eie belange eerste gestel het nie, maar myne, so moet ek ook nie my belange vooropstel nie, maar die van my medegelowiges, ook wanneer ek bid. Sodra ek begin voorbidding doen, nie net vir my eie nood nie, maar ook vir die van ander, dan sal ek dit ook begin regkry om ander se laste te help dra.

Broederliefde beteken ook dat ons mekaar sal vergewe. Hier sit daar dalk vandag mense wat een of ander wrok teen iemand koester, wat nog nie hulle man of vrou of ouers of kinders of ouderling of diaken of predikant of werkgewer of buurman of onderwyser of klasmaat of wat ook al vergewe het nie. Nee, ons het die opdrag om mekaar te vergewe, soos God ons vergewe, anders is ons liefdeloos. Broederliefde beteken ook dat ons mekaar vergewe, omdat God ons vergewe.

Geliefdes, broederliefde vra van ons dat ons ook alles in ons vermoë sal doen om alles wat hierdie eenheid in Christus bedreig, uit te roei. Los praatjies wat mense teen mekaar opmaak, is sonde en bedreig die eenheid. Dwaalleer en die weiering om my aan die gesag van die Woord te onderwerp, is sonde en bedreig die eenheid. My weiering om mee te leef met my medegelowiges is sonde en bedreig die eenheid.

Nee, ons moet die eenheid in Christus bewaar en aktief bevorder en veg teen alles wat die eenheid kan skaad. Daarom het Nehemia gesorg dat die onreg reggestel word:

"Toe sê ek verder: 'Dit is nie 'n goeie ding wat julle besig is om te doen nie. Julle moet tog eerbied vir ons God hê in julle optrede en nie ons vyande, die heidene, minagting vir ons laat kry nie! [10]Ek, my medeamptenare en my helpers moes ook aan dié mense geld

en koring leen. Maar laat ons tog die uitbuiting staak. [11]Gee vandag nog hulle lande, wingerde, olyfboorde en huise vir hulle terug en skeld hulle ook nog een persent kwyt van die geld, die koring, die wyn en die olie wat julle aan hulle geleen het.'[12]Hulle het gesê: 'Ons sal dit teruggee en niks meer van hulle eis nie. Ons sal maak soos u gesê het.' Ek het toe die priesters geroep en die burgers en amptenare onder eed laat onderneem om hiervolgens te handel."

Dit is ware bekering: Nie net om op te hou met die verkeerde nie, maar ook om die saak reg te stel en die regte ding in die plek van die verkeerde te begin doen.

Geliefdes, die opdrag om God bo alles lief te hê en ons naaste soos onsself is moeilik, maar belangrik. Daarom loop die opdrag soos ŉ goue draad dwarsdeur die Bybel. Mag ons elkeen die genade ontvang om hartlike broederliefde teenoor mekaar te bewys, omdat God ons eerste liefgehad het. Alleen dan sal ons saam as ŉ span die bouwerk kan doen waarvoor die Here ons geroep het.

Een van die redes wat Nehemia noem is dat die gelowiges wat ander uitbuit God se Naam belaglik en bespotlik maak by die heidene. Jesus draai dit om en sê: As julle liefde aan mekaar bewys, sal die wêreld weet julle is my volgelinge. Daar gaan ŉ slegte getuienis van ons uit as ons liefdeloos is. ŉ Getuienis wat God se Naam beklad. Daar gaan ŉ goeie getuienis van ons uit wanneer ons liefde aan mekaar bewys, ŉ getuienis wat God se Naam verheerlik.

Wat was die volk se reaksie op al hierdie dinge? Vers 13 sê: "Die hele vergadering het gesê: 'Amen!' en hulle het die Here geprys. Die mense het toe gedoen wat ek gevra het." Hulle het die Here geprys! Ware bekering bring dankbaarheid in jou hart dat die Here jou nie in jou sonde gelos het nie, maar daaruit gelei het. Dit maak dat jy die Here prys.

En die verdere gevolg: Hulle het gedoen wat Nehemia gevra het. Hulle het gedoen wat God se Woord vra. Hulle het nie net geweet nie. Hulle het gedoen ook! Deur aktief liefde aan mekaar te bewys, sal ons met ons lewens bewys dat God ons geroep en verkies het en sal ons vrye en feestelike toegang hê tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. In wie se lewe gaan u hierdie week die liefde van die Here indra? Amen.

## 7. TEKS: NEHEMIA 8:11, 12:43

**SKIRFLESING 6:15,16; 8:1-13; 12:27-30; 12:43.**

**TEMA: Dien die Here met blydskap!**

1. 'n Vreugdelose godsdiens?
2. God self is die bron van ons vreugde
3. Wees bly oor God se vergewing

4. Wees bly oor God se trou.
PS 100:1-4; PS 66:1,2,6; PS 150:1-3; PS 145:1-5.

Geliefdes in die Here,
1. Dien u die Here met blydskap? Put u vreugde uit u godsdiens? Vir baie mense is hulle godsdiens iets swaars, ŉ las wat hulle verplig is om te dra. Hulle voel verplig om kerk toe te gaan, Bybel te lees en te bid. Hulle voel ook skuldig as hulle dit nie doen nie. Hulle sien godsdiens as dinge wat hulle moet doen om God tevrede te hou. Sonder vreugde, sonder blydskap, alles net plig sonder enige plesier.

Vreugdelose godsdiens is seker een van die frustrerendste ervarings wat daar is. Jy probeer die Here tevrede hou met al die godsdienstige pligte wat jy nakom, maar dit bring geen blydskap in jou lewe nie. Jy dink jy dien die Here, maar jy is nie gelukkig nie. Jy behoort aan ŉ gemeente, maar jy het geen erg daaraan om met jou medegelowiges mee te leef nie. Vreugdelose godsdiens. Godsdiens wat jou uitput. Godsdiens wat vir jou eerder ŉ las as ŉ lus is.

As dit is hoe ŉ mens jou godsdiens beleef, is daar natuurlik groot fout. Ons het immers die opdrag om die Here met blydskap te dien. Hoor net hoe loop die gelowiges in Nehemia se tyd oor van vreugde in die Here:

“Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan die wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm” (8:11). Letterlik staan daar: Blydskap in die Here is julle beskutting.

Ook lees ons in 12:27: “Hulle moes die inwyding (van die muur) vier met lofliedere en met die musiek van simbale, harpe en liere.” En in vers 43: “Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en die kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jerusalem ver hoor.”

2. Dit is die geheim van vreugdevolle godsdiens: “God het hulle groot blydskap gegee.” Hy gee dit, Hy is die bron van vreugde in ons godsdiens. Dit is nie iets wat onsself kan soek of self in ons godsdiens kan inspuit nie. God self gee dit.

Hoe het dit gekom dat God hierdie vreugde aan die gelowiges in Nehemia se tyd gegee het? Ons het in vorige preke gehoor dat, terwyl Nehemia in die koning van Persië se diens was, hy die berig gekry het: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.”

Jerusalem was die godsdienstige sentrum van die volk. Die stad was vir hulle simbool daarvan dat God onder sy volk woon.

Daarom, toe Nehemia die berig kry: Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Nehemia het geweet: Die Godstad het mure rondom nodig om al die vreemde invloede, al die dwalinge, al die spotters, al die vyande van God buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien.

Nehemia het egter geweldige groot struikelblokke in sy pad gehad. Maar hy skram nie weg van sy roeping nie. God se eer weeg mos vir hom swaarder as enige-iets anders. Daarom bid hy eers ernstig oor hierdie saak, omtrent vier maande lank, voordat hy met sy versoek na die koning gaan.

En toe het daar ŉ wonderlike ding gebeur: Al die struikelblokke wat eers onoorkomelik gelyk het, begin een na die ander verkrummel en Nehemia sien: As God se eer swaarder by jou weeg as enige iets anders, as jy jou roeping ŉ gebedsaak maak, as jy bereid is om vir God te werk, dan vee God self alle struikelblokke stelselmatig uit jou pad en seën Hy jou.

Nadat Nehemia in Jerusalem aangekom het en in die stilligheid self eers ondersoek gaan instel het na die grote van die taak wat op hom wag, het hy sy medegelowiges bymekaar gekry. “Toe sê hy vir die Judeërs, die priesters, die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en al die ander: Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat die vernedering nie langer op ons rus nie. Hy het hulle toe vertel hoe God sy goeie hand oor hom gehou het en wat die koning gesê het.”

Hierdie platgeslane volk antwoord toe daarop soos een man: Kom ons bou! en hulle het die goeie werk aangepak.

Ons het ook in ŉ vorige preek gehoor van die teenstand wat die volk ondervind het van die vyande van God, hoe hulle selfs die bouers wou doodmaak. Maar ten spyte van dit alles kon Nehemia opteken in 6:15,16: “Die muur is voltooi op die 25ste van die maand Elul, binne 52 dae. Toe al ons vyande dit hoor, en die nasies rondom ons dit sien, was hulle selfversekerdheid daarmee heen. Hulle het geweet ons doen hierdie werk met die hulp van ons God.”

Geliefdes, dit is die pad na vreugdevolle godsdiens en na ŉ vreugdevolle lewe. Staan op vir die eer van die Here. Dien Hom. Maak opofferings vir Hom. Met die hulp van God het die volk die menslik onmoontlike reggekry. Ten spyte van geweldige struikelblokke en teenkanting en teenslae is die muur om Jerusalem in net 52 dae voltooi.

Vreugdevolle godsdiens is dus nie iets wat jy kan najaag nie, want dit is die gevolg van ŉ lewe van gehoorsaamheid aan God. Ontbreek die vreugde in u godsdiens? Vra dan vir u self af: is my lewe soos ŉ dankoffer aan die Here? Leef ek mee deur siekes te besoek? Stel ek myself beskikbaar vir dienswerk in die gemeente? Help ek en neem ek leiding

i.p.v. kritiseer? Groet ek my medegelowiges as ek by hulle verbyskuif in die banke of as ek hulle in die winkel raakloop? Stel ek belang in hoe dit met hulle gaan?

Help ek waar ek weet daar nood is of hulp nodig is? Hoor ek dit as die ramshoring blaas en my hulp ingeroep word? Sodra dit my gesindheid is en ek ŉ dankbare, diensbare, gehoorsame lewe begin lei, dan sal die blydskap en die vreugde in my godsdiens groter en groter word. Ek kan dit maar glo, want God self sê so.

Dra ek hierdie Blye Boodskap van verlossing in Christus uit aan die wêreld?

Geliefdes, as God dan die bron van my vreugde is en as vreugde in my godsdiens die vrug van ŉ dankbare, diensbare, gehoorsame lewe is, wat is dan die rede vir my blydskap? Veral twee dinge: Ek kan bly wees oor God se vergewing en ek kan bly wees oor God se trou.

3. Wees bly oor God se vergewing! Toe die volk na baie jare weer na die wet van God geluister het, het hulle gehuil van skaamte en skuldgevoel en vrees vir die oordeel van God. Skielik het hulle besef hoe ver hulle tekortskiet, hoe onvolmaak hulle lewens is. Hulle gewetens het hulle aangekla en veroordeel.

En tog gee Nehemia dan vir hulle die opdrag: "Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan die wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm" (8:11). Dieselfde Woord wat ons leer wat God van ons verwag en wat ons leer hoe sondig ons is, leer ons tog ook dat God ŉ barmhartige en ŉ genadige God is wat ons sondes vergewe, omdat Jesus Christus daarvoor betaal het.

Is dit nie oorvloedige rede om bly te wees nie? In plaas van die dood wat ons verdien oor ons sondes, skenk God aan ons die ewige lewe wat Jesus Christus vir ons verdien het. Daarom kan ons bly wees in die Here! Daarom kan ons die Here met blydskap dien, daarom kan ons en mag ons en moet ons ook feesvier.

Veral feesvier met elke erediens, feesvier omdat God vir ons lief is en vir ons omgee en vir ons sorg en ons in sy diens wil gebruik. Feesvier omdat ons die voorreg het om God se kinders te mag wees, feesvier omdat God deur sy Gees in ons woon.

4. Behalwe vir God se vergewing van ons sondes in Jesus Christus, kan ons ons ook verbly in God se trou. Kyk maar hoe het God aan Nehemia getrou gebly en kyk maar hoe het God sy trou aan sy volk bewys. Nehemia het geweldige struikelblokke in sy pad gehad, maar omdat Nehemia bereid was om op te staan vir die eer van die Here, het die Here self elke struikelblok uit sy pad gevee.

Die volk was verslae en moedeloos, maar omdat hulle bereid was om ter wille van die eer van God se Naam Jerusalem se mure te herbou in moeilike omstandighede, daarom het God self eintlik die muur gebou en die volk maar net as instrumente gebruik.

Die muur was immers om die volk te beskerm. So lank as wat Jerusalem se mure om gelê het, so lank sou die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sou hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing. Die Godstad het mure rondom nodig gehad om al die vreemde invloede, al die spotters, al die vyande van God buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien.

God se plan om ŉ muur om sy volk te bou, om sy kinders vir Hom af te sonder, is vandag nog steeds nie ŉ baie gewilde plan by die wêreld nie. Die slagspreuk vandag is mos: breek die mure af, sodat ons brûe kan bou. Alle grense moet verdwyn. Maar die grens tussen geloof en ongeloof kan nooit verdwyn nie. Die muur tussen geloof en ongeloof mag nooit met ŉ brug vervang word nie. Dan sal God se eer aangetas word. Die kerk, ons, die gelowiges, mag nooit met die wêreld vermeng nie. Die kerk is in die wêreld, maar die kerk mag nooit van die wêreld wees nie. God se volk mag nooit verwêreld nie.

Geliefdes, die wêreld sal die kerk altyd vyandig gesind wees, want die wêreld haat vir God. Die wêreld wil alle grense wat die kerk beskerm afgebreek hê, sodat die kerk kan verwêreld en God so bygekom kan word.

God self wil vandag nog hê dat ons ŉ muur om ons sal bou. Hy self bou die muur - trek ŉ laer om ons. In Psalm 34:8 lees ons: “Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom die wat die Here dien en red hulle.” As ons die Here elke dag met blydskap dien omdat Hy ons uitgekies het om sy kinders te wees, dan sal Hy soos ŉ muur rondom ons wees wat ons beskerm teen die aanslae van die bose.

Ook hierin sal God getrou bly aan sy kinders. Ook hier geld die woorde: “Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm” (8:11). Of te wel: Blydskap in die Here is julle beskutting.

Geliefdes, mag elkeen van ons oorvloedige blydskap in ons diens aan die Here ondervind. Mag ons elkeen die Here met blydskap dien en mag hierdie blydskap deurwerk na elke faset van ons lewe, soveel so dat ons met blydskap ligdraers sal wees! Amen.

**8. TEKS: NEHEMIA 13:30, 31**

**TEMA: HOE VER IS JY BEREID OM TE GAAN MET BEKERING?**

1. Die vernietigende gevolge van sonde
2. Verwyder dit wat tussen jou en jou saligheid staan, selfs al is dit vir jou baie kosbaar.

3. Verwyder dit wat tussen jou en jou saligheid staan, selfs al maak dit seer.
4. Leef die nuwe lewe!

Geliefdes,
Die mens is altyd geneig om terug te val in sonde. Nadat die volk skriftelik onderneem het in hoofstuk 10 om die Here te dien en sy wet te gehoorsaam, moes Nehemia weer teruggaan na die koning van Persië om toestemming te kry om vir ŉ tweede termyn as goewerneur in Jerusalem te kon dien. Toe hy na ŉ tyd weer daarvan terugkom, vind hy uit dat die volk, terwyl hy weg was, weer verval het in hulle ou sondes.

Van hulle het met ongelowige vrouens van vreemde volke getrou wat hulle en hulle kinders tot afgodsdiens verlei het. Hulle het ook opgehou om behoorlike dankoffers te gee, waarvan die priesters en die Leviete moes lewe. Daarom het die priesters die tempeldiens gelos en gaan boer om vir hulleself te kon sorg. Ook het die volk nie meer die Sabbat gehou nie en dit het ŉ gewone dag van koop en verkoop geword. Dit was alles dinge wat hulle skriftelik beloof het om nie te doen nie, en tog het hulle van hulle beloftes vergeet en weer teruggeval in hierdie sondes.

Geliefdes, ongeveer 26 jaar tevore al het Esra dieselfde sondes onder die volk probeer uitroei. In Esra 10 lees ons seker een van die aangrypendste stukkies geskiedenis in die hele Bybel: Tien talle gesinne wat uitmekaar geskeur word. Mans wat hulle vreemde vrouens en kinders vir altyd moet wegstuur. En dit dan nog boonop op bevel van ŉ priester! ŉ Mens kan vir jouself voorstel hoe hoog die emosies moes loop in daardie tyd. Dink maar aan hoe u sal voel as u u vrou en kinders vir altyd moet wegstuur, of as u as vrou of kind vir altyd wegstuur word. ŉ Mens kan jou dit amper nie indink nie.

Wat het alles aanleiding gegee tot hierdie verskriklike opdrag? Geliefdes, een van die redes waarom die volk destyds in ballingskap weggevoer is, was dat hulle vreemde gode begin dien het. Hulle het nie al die heidense volke in Kanaän uitgeroei soos wat God se opdrag was nie. Hulle het met die heidene ondertrou en is so verlei om die enigste ware God te verruil vir afgode. Dit het tot die ballingskap gelei.

Noudat hulle terug was uit ballingskap het hulle in presies dieselfde strik getrap en dit is een van die eerste dinge waarmee Esra gekonfronteer word as hy in Jerusalem aankom: Die volk het weer met heidense vrouens getrou. Dit het Esra diep geskok.

Hy onthou God se opdragte in hierdie verband en hy verwys daarna in hoofstuk 9:10-12: "Die land waar julle inkom om dit in besit te neem, is ŉ onrein land vanweë die onreinheid van die volke van die lande, deur hulle gruwels waarmee hulle dit van die een end tot die ander vervul het in hulle onreinheid. Gee dan nou julle dogters nie aan hulle seuns en neem hulle dogters nie vir julle seuns nie, en soek tot in ewigheid nie hulle vrede en geluk nie, sodat julle kan sterk word en die goeie van die land geniet en dit aan julle kinders as besitting kan gee tot in ewigheid."

God het sy volk telkemale verbied om met die heidene te ondertrou, want dit sou hulle tot afgodediens verlei en nou het hulle juis dit gaan doen. Dit het Esra gedwing om ŉ ernstige boetegebed voor die Here te doen en hy het besef dat hy die saak nie maar net daar kan laat nie.

Daarom is besluit om die heidense vrouens en hulle kinders terug te stuur. Dit laat allerhande vrae by ons ontstaan oor hierdie gedwonge egskeidings. Geliefdes, wat ons egter baie goed moet besef, is dat dit baie besonderse en buitengewone omstandighede was en dat dit nie hier oor die huwelik of oor egskeiding gaan nie maar oor bekering van sonde. Met ander woorde, as ŉ mens enige vrae het oor die huwelik of egskeiding, dan is Esra 10 en Nehemia 13 nie die plek om jou antwoorde te soek nie, behalwe as jy wil weet of ŉ gelowige met ŉ ongelowige mag trou.

Maar as jy vrae het oor bekering, dan is Esra 10 en Nehemia 13 twee van die plekke waar jy jou antwoorde moet soek. Hierdie gedeeltes sê baie duidelik vir ons dat ons niks tussen ons en ŉ heilige lewe mag laat kom nie. Nie eens huweliksmaats of kinders nie. Nee, waar daar sonde is, moet daar radikale bekering wees, soos hier. Daarom het Nehemia ook, net soos Esra ongeveer 26 jaar voor hom, hierdie sonde met wortel en tak probeer uitroei.

Wat Nehemia nog meer onstel het, was die feit dat van die kinders van hierdie vreemde vrouens nie eens Hebreeus, die taal van God se volk, kon praat nie. Hulle kon dus nie die Woordverkondiging verstaan nie en het eintlik los van God en sy volk grootgeword.

Daarom lê verbondsouers vandag nog ŉ belofte af voor die Here en sy gemeente om hulle kinders groot te maak in die vrees van die Here wanneer hulle die kinders laat doop. Niks mag tussen ons nageslag en die God van die verbond kom staan nie. Enige iets wat ons verhouding met God bedreig moet daarom met mag en mening uitgeroei word.

Dit is wat Jesus ook gesê het. Hy sê in Matteus 5:29 en 30: "As jou regter oog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie."

Natuurlik bedoel Jesus dit nie letterlik nie, maar Hy gebruik hierdie verskriklike beelde om vir ons te sê hoe ernstig Hy oor bekering is en dat bekering ŉ radikale breuk met die sonde is. Jy mag nie eens dat iets wat vir jou so kosbaar soos jou regteroog of jou regterhand is, tussen jou en ŉ heilige lewe staan nie. Ruk alles uit en kap alles af en stuur alles weg wat jou verhouding met God vertroebel.

Geliefdes, hoekom is dit so ŉ ernstige saak? Sommige mense sal vra: Maar hoekom so ŉ groot bohaai maak oor sonde? Is dit dan nodig? Geliefdes, enige sonde wat ons doen en

ook ons sondige aard tas die heiligheid en eer van God aan. Elke sonde is ʼn daad van opstand teen God. Elke sonde is ʼn poging om sy Naam oneer aan te doen. Ons sien sonde mos deesdae as ʼn soort neutrale daad wat niks met niemand te doen het nie en wat nie juis ernstige gevolge het nie. Maar ons vergeet elke sonde is ʼn aktiewe aantasting van God se eer.

Ons noem onsself Christene. Dit beteken: Mense wat deel het aan Jesus Christus. Ons is ook gedoop in die Naam van die Drie-enige God. Dit beteken: Ons is gemerk as die eiendom van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Elkeen van ons wat belydenis van geloof afgelê het, het belowe om van die wêreld en sy begeerlikhede af te sien en om ons hele lewe as ʼn dankoffer aan God toe te wy. Elke keer wanneer ons nagmaal gebruik bevestig ons hierdie belofte. Hoe kan ons dan willens en wetens sonde in ons lewens vertroetel en duld?

Boonop moet ons onthou: Sonde waarin jy volhard, staan tussen jou en die ewige lewe. Iemand wat in sy sonde volhard en hom nie bekeer nie en wat nie berou het daaroor nie, sal nie vergifnis ontvang nie en sal nie die ewige lewe binnegaan nie.

Dit beteken nie dat ons die ewige lewe verdien met ʼn heilige lewe nie, maar dit beteken wel dat Jesus Christus die ewige lewe vir ons verdien het en dat Hy sy Gees oor ons uitgestort het om ons te lei ʼn heilige lewe te lei. Juis daarom mag jy nie in jou sondige manier van lewe voort ploeter nie.

Geliefdes, daarom moet ons, soos die mense in Esra en Nehemia se tyd, bereid wees om tot die uiterste te gaan om te breek met dit wat verkeerd is in ons lewens. As ons ons nie radikaal gaan bekeer van ons troetelsondes nie, maar gaan aanhou om dit te vertroetel, dan gaan daardie sondes voort vreet soos ʼn kanker. As ons nie die sondes in ons lewens vernietig nie, dan sal die sondes ons lewens vernietig.

Onthou: Sonde is nie net verkeerde dinge wat ek doen nie. Sonde is ook om regte dinge nie te doen nie. Ons moet dus ook vra: Is my dankbaarheidslewe in orde? Laat ek ook, soos die volk in Nehemia se tyd, vreemde wêreldse invloede in my lewe of my kinders se lewens toe, of roei ek dit met mag en mening uit?

Bekering is ʼn pynlike proses. Dit beteken dikwels dat jy moet afskeid neem van iets wat vir jou kosbaar is. Dit het die mense in Nehemia se tyd beleef en dit het Jesus ook beklemtoon. Maar dit is nie pynliker as die soendood van Jesus aan die kruis nie en dit is nie pynliker as die ewige dood nie. Jesus het ook gesê: "Wat help dit dat ʼn mens die hele wêreld as wins verkry, maar aan sy siel skade lei?" (Mt 16:26). Wat help dit jou dat jy die pyn van bekering in hierdie lewe vermy en dat jy dan die ewige pyn van die hel tegemoet gaan?

Bekering is dus soos ʼn noodsaaklike pynlike operasie wat jy moet ondergaan, anders sterf jy. Die operasie is pynlik, maar dit sal jou lewe red.

Uit hierdie geskiedenis in Nehemia 13 sien ons dus baie duidelik: Bekering beteken altyd dat ek moet verander, uitruk, afkap, wegstuur. Ek moet dit wat nie volgens die Woord is in my lewe nie, vernietig. Dit begin daarby dat ek ophou om God se wet te oortree en dat ek begin deur God aktief bo alles lief te hê en my naaste soos myself.

Hou op om God op jou voorwaardes te dien soos wat dit vir jou gerieflik en gemaklik is. Hou op om die Here op 'n eiewillige manier te dien. Dien Hom soos Hy dit voorskryf in sy Woord.

Dit stel ons elkeen voor die vraag: Hoe ver is ek bereid om te gaan met my bekering? Is ek bereid om bekering so ver te voer soos die mense in Esra en Nehemia se tyd en soos wat Jesus van my verwag? Is ek bereid om my hand af te kap of my oog uit te ruk? Sal ek 'n verhouding verbreek wat my weg van God af trek, al is ek hoe lief vir daardie persoon? Sal ek vir my ander werk soek as my werk tussen my en God kom staan? Sal ek alle vreemde en wêreldse invloede uit my kinders se lewens weer, al maak dit hulle kwaad? Sal ek die fokus van my lewe verander as dit nie op God en sy koninkryk is nie?

Sodra 'n mens dit begin regkry om bekering radikaal deur te voer, dan het 'n mens al gevorder op die pad van bekering. Maar, en dit is baie belangrik, dan het ons nog net halfpad gevorder. Bekering bestaan mos uit twee dele. Die afsterwing van die ou mens moet opgevolg word deur die opstanding van die nuwe mens. Dit beteken: In die plek van die sonde moet die goeie werke nou kom. Dan sal die vreugde ook terugkom in jou godsdiens. Bekering is dus eers volledig wanneer ek bly is ek behoort aan God en ek daarom lus is en lief is daarvoor om God te dien met my gehoorsaamheid.

Vreugdevolle godsdiens is dus nie iets wat jy kan najaag nie, want dit is die gevolg van 'n lewe van gehoorsaamheid aan God. Ontbreek die vreugde in u godsdiens? Vra dan vir u self af: Vernietig ek die sonde in my lewe en is my lewe soos 'n dankoffer aan die Here?

Dan sal ek besef: Dit wat ek gedink het vir my kosbaar is, sou eintlik my dood gekos het. Dit wat ek nou het: die versoening in Christus en die genade van God en die vreugde van 'n gehoorsame lewe, oortref alles in waarde. Dit en dit alleen is al wat werklik kosbaar is in hierdie lewe. Daarom kan ek ook nie wag om dit aan ander te gaan vertel wat dit nog nie weet nie! Amen.